

DIE EIENSKAPPE EN KORRELASIE VAN
STEENKOOLLAE IN DIE
WITBANK - BETHAL - BREYTEN-GEBIED

deur

JACOB PHILIPPUS LE ROUX

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad van

MAGISTER SCIENTAE

in die

FAKULTEIT VAN WIS- EN NATUURKUNDE VAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA

Mei, 1985

ABSTRACT

It has long been noticed that there appears to be stratigraphic equivalents for the major coal seams in the Witbank, Highveld and Eastern Transvaal coal fields. In order to correlate these seams, readily available coal properties (heat value, ash content, volatile content and moisture content) and other physical properties (elevation and thickness) were evaluated. It was found that no single property or even combinations of these in the form of variation diagrams could provide sufficient resolution between the seams. Discriminant analysis was used to form linear combinations (discriminant functions) of the properties which statistically provide the best possible resolution between the groups. It was thus established to a high degree of certainty that coal seams can be correlated between boreholes and even adjacent coal fields using this method. Discriminant functions were calculated for areas by which new cases can be correlated. Lateral variation in the coal properties was studied by means of geostatistical methods and it was found that the average range of influence was around 15 km. Anomalous values resulting from data errors, devolatilisation or oxidation of coal could be identified by means of a normal probability graph and the Seyler diagram as adopted for South African coals. (Snyman et. al., 1983) Two dolerite factors, reflecting the metamorphic effect of the magma on the coal were tested but found useless for the identification of devolatilised coal in this area.

SAMEVATTING

Dit is lank reeds opgemerk dat daar vir elk van die hoofsteenkoollae stratigrafiese ekwivalente blyk te wees in die Witbank-, Hoëveld-, en Oos-Transvaalsteenkoolvelde. Om die korreleerbaarheid van die lae te ondersoek is, gebruik gemaak van algemeen beskikbare steenkooleienskappe (hittewaarde, asinhoud, vlugstofinhoud en voginhoud) asook verwante fisiese eienskappe (elevasie en dikte). Daar is gevind dat geen eienskap as sulks of selfs kombinasies van eienskappe in die vorm van variasiedia-gramme bevredigende resolusie tussen die verskillende lae bied nie. Diskriminantanalise is gebruik om lineêre kombinasies (diskriminantfunksies) van die eienskappe te skep wat op statistiese grondslag die beste skeiding tussen die groepe bied. Daar is met 'n groot mate van sekerheid bevestig dat steenkoollae tussen boorgate en selfs tussen aangrensende steenkoolvelde korreleerbaar is. Diskriminantfunksies is per gebied bereken waarmee nuwe voorkomste gekorreleer kan word. Laterale variasie in die eienskappe is in ag geneem en daar is van geostatistiese metodes gebruik gemaak om die sone van vergelykbaarheid op ongeveer 15 km vas te stel. Anomale waardes as gevolg van datafoute, ontvlugting en die oksidasie van steenkool is uitewys met behulp van normaal-waarskynlikheidsgrafieke en die Seyler-diagram soos aangepas vir Suid-Afrikaanse steenkool (Snyman et. al., 1983). Twee dolerietfaktore, wat die metamorfe effek van die doleriet op die steenkool aandui, is getoets en nutteloos gevind vir gebruik in die betrokke omgewing.

INHOUD	Bladsy
1. INLEIDING	1
2. ALGEMENE GEOLOGIE	8
2.1 WITBANKSTEENKOOVELD	8
2.2 HOËVELDSTEENKOOVELD	10
2.3 OOS-TRANSVAALSTEENKOOVELD	10
3. EIENSKAPPE EN METODEDES WAT OORWEEG IS VIR KORRELASIEDOELEIENDES	14
3.1 PROFIELE	14
3.2 ELEVASIE VAN STEENKOLLAE	14
3.3 DIKTE VAN STEENKOLLAE	22
3.4 STEENKOOLEIENSKAPPE	27
3.4.1 Rang, Graad en Tipe.....	27
3.4.2 Vlugstofinhoud	39
3.4.3 Hittewaarde	39
3.4.4 Voginhoud	46
3.4.5 Vastekoolstofinhoud.....	53
3.4.6 Opbrengs by RD van 1,60	53
3.4.7 Die invloed van dolerietintrusies op die rang van die steenkool	57
3.5 KOMBINERING VAN EIENSKAPPE	67
4. KORRELASIE MET BEHULP VAN DISKRIMINANTANALISE	75
4.1 INLEIDING TOT DISKRIMINANTANALISE	75
4.2 DIE TOETSGBIED	85
4.3 GEOSTATISTIESE EVALUERING VAN DIE REGIONALE VARIASIE IN STEENKOOLEIENSKAPPE	86
4.4 DISKRIMINANTANALISE, ANALISEREND AANGEWEND.....	105
4.5 DISKRIMINANTANALISE, KLASSIFISEREND AANGEWEND.....	120
5. OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS	125
6. BEDANKINGS	127
7. VERWYSINGS	128

FIGURE

Bladsy

FIG. 1.1	Ligging van die studiegebied in Transvaal	3
FIG. 1.2	Veralgemeende geologiese kaart van die studiegebied..	5
FIG. 1.3	Vereenvoudigde profiel deur die Witbanksteenkoolveld.	6
FIG. 2.1	Veralgemeende profiel van die Witbanksteenkoolveld ...	9
FIG. 2.2	Veralgemeende profiel van die Hoëveldsteenkoolveld (noord en oos)	11
FIG. 2.3	Veralgemeende profiel van die Hoëveldsteenkoolveld (sentraal en suid)	12
FIG. 2.4	Veralgemeende profiel van die Oos-Transvaalsteen= koolveld	13
FIG. 3.1	Histogram van elevasie van lae: Witbanksteenkoolveld	16
FIG. 3.2	Histogram van elevasie van lae: Hoëveldsteenkoolveld	17
FIG. 3.3	Histogram van elevasie van lae: Oos-Transvaalsteen= koolveld	18
FIG. 3.4	Histogram van elevasie van lae met uitsluiting van doleriet: Witbanksteenkoolveld	19
FIG. 3.5	Histogram van elevasie van lae met uitsluiting van doleriet: Hoëveldsteenkoolveld	20
FIG. 3.6	Histogram van elevasie van lae met uitsluiting van doleriet: Oos-Transvaalsteenkoolveld	21
FIG. 3.7	Histogram van dikte van steenkoollae in die Witbank= steenkoolveld	24
FIG. 3.8	Histogram van dikte van steenkoollae in die Hoëveld= steenkoolveld	25
FIG. 3.9	Histogram van dikte van steenkoollae in die Oos- Transvaalsteenkoolveld	26
FIG. 3.10	Seyler-diagram soos aangepas vir Suid-Afrikaanse steenkool	30
FIG. 3.11	Histogram van afgeleide vitrinietreflektiwiteit vir die Hoëveldsteenkoolveld	31
FIG. 3.12	Histogram van afgeleide vitrinietpersentasie vir die Hoëveldsteenkoolveld	32

FIG. 3.13	Histogram van asinhoud van lae in die Witbanksteenkolveld (dryffraksie by RD 1,60)	35
FIG. 3.14	Histogram van asinhoud van lae in die Hoëveldsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,60)	36
FIG. 3.15	Histogram van asinhoud van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,60) ..	37
FIG. 3.16	Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud vir ru-steenkool	38
FIG. 3.17	Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud vir die dryffraksie by RD 1,40	38
FIG. 3.18	Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud vir die dryffraksie by RD 1,60	38
FIG. 3.19	Histogram van die vlugstofinhoud van lae in die Witbanksteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)	40
FIG. 3.20	Histogram van die vlugstofinhoud van lae in die Hoëveldsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)	41
FIG. 3.21	Histogram van die vlugstofinhoud van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6) ..	42
FIG. 3.22	Histogram van vlugstofinhoud (d.a.v.) van lae in die Witbanksteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)	43
FIG. 3.23	Histogram van vlugstofinhoud (d.a.v.) van lae in die Hoëveldsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)	44
FIG. 3.24	Histogram van vlugstofinhoud (d.a.v.) van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,60) .	45
FIG. 3.25	Histogram van hittewaarde van lae in die Witbanksteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)	47
FIG. 3.26	Histogram van hittewaarde van lae in die Hoëveldsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,60)	48
FIG. 3.27	Histogram van hittewaarde van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6) ..	49
FIG. 3.28	Histogram van hittewaarde (d.a.v.) van lae in die Witbanksteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)	50
FIG. 3.29	Histogram van hittewaarde (d.a.v.) van lae in die Hoëveldsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)	51
FIG. 3.30	Histogram van hittewaarde (d.a.v.) van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6) ..	52
FIG. 3.31	Histogram van opbrengs by RD 1.60 in die	

	Witbanksteenkoolveld	54
FIG. 3.32	Histogram van opbrengs by RD 1.60 in die Hoëveldsteenkoolveld	55
FIG. 3.33	Histogram van opbrengs by RD 1.60 in die Oos-Transvaalsteenkoolveld	56
FIG. 3.34	Variasiediagram van vlugstofinhoud teenoor dolerietfaktor	58
FIG. 3.35	Variasiediagram van vlugstofinhoud teenoor dolerietfaktor A	60
FIG. 3.36	Variasiediagram van vlugstofinhoud (d.a.v.) teenoor Rov(max)	61
FIG. 3.37	Variasiediagram van hittewaarde (d.a.v.) teenoor Rov(max)	62
FIG. 3.38	Variasiediagram van Rov(max) teenoor dolerietfaktor .	64
FIG. 3.39	Variasiediagram van Rov(max) teenoor dolerietfaktor A	65
FIG. 3.40	Normaal-waarskynlikheidsgrafiek van vlugstofinhoud ..	66
FIG. 3.41	Variasiediagram van asinhoud teenoor hittewaarde	68
FIG. 3.42	Variasiediagram van asinhoud teenoor hittewaarde (d.a.v.)	69
FIG. 3.43	Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud .	70
FIG. 3.44	Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud (d.a.v.)	71
FIG. 3.45	Variasiediagram van vlugstofinhoud teenoor hittewaarde	72
FIG. 3.46	Variasiediagram van vlugstofinhoud (d.a.v.) teenoor hittewaarde (d.a.v.)	73
FIG. 3.47	Variasiediagram van waterstof teenoor koolstof	74
FIG. 4.1	Kanoniese diskriminantfunksies	81
FIG. 4.2	Hipotetiese veranderlikes op kanoniese diskriminant= funksies	83
FIG. 4.3	Ideale vorme van die semi-variogram	88

TABELLE		Bladsy
TABEL 4.1	HIPOTETIESE LAAGEIENSKAPPE OM NEIGING AAN TE DUI .	82
TABEL 4.2	AFSTAND VAN VERBAND VAN VERSKILLENDE GEOLOGIESE EN STEENKOOLEIENSKAPPE NA AANLEIDING VAN SEMI- VARIOGRAMME	91
TABEL 4.3	STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN RU-STEENKOOLO: KROMKRANS-OMGEWING	107
TABEL 4.4	STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN RU-STEENKOOLO: BETHAL-OMGEWING	109
TABEL 4.5	STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN RU-STEENKOOLO: DAVEL-OMGEWING	111
TABEL 4.6	STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN DRYFFRAKSIE BY RD 1,60 VIR VANDYKSDRIF-OMGEWING	113
TABEL 4.7	STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN DRYFFRAKSIE BY RD 1,60 VIR HENDRINA-OMGEWING	115
TABEL 4.8	STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN DRYFFRAKSIE BY RD 1,60 VIR BETHAL-OMGEWING	117
TABEL 4.9	DEFINISIE VAN BLOKKE WAARVOOR DISKRIMINANTFUNKSIES BEREKEN IS	121
TABEL 4.10	PERSENTASIE KORREKTE KLASSIFIKASIE PER BLOK VIR DRYFFRAKSIE BY RD 1,6	123
TABEL 4.11	PERSENTASIE KORREKTE KLASSIFIKASIE PER BLOK VIR RU-STEENKOOLO	124

BYLAE

			Bladsy
BYLAAG	1	Lineêre diskriminantfunksies per blok vir dryffraksie by RD 1,60	130
BYLAAG	2	Lineêre diskriminantfunksies per blok vir ru-steenkool	141
BYLAAG	3	Binnegroep korrelasiematrikse per blok	153

1. INLEIDING

Die doel van hierdie studie is om steenkoollae van boorgat na boorgat en van steenkoolveld na steenkoolveld te korreleer deur gebruik te maak van die eienskappe van die steenkool self, asook van verwante strukturele eienskappe soos laagdikte en laagelewasie.

Steenkoollaagkorrelasie is baie belangrik om sinvolle regionale komontledings te doen of om op regionale skaal reserwepotensiaal aan te dui. As gevolg van die groot hoeveelheid data word toeneemend gebruik gemaak van dinamiese dataverwerkingsstelsels op rekenaar om die taak vinniger af te handel. Dit is inderdaad waar dat die hoeveelheid data wat by regionale studies betrokke is so groot is en so vinnig aangevul word dat 'n verslag verouderd sal wees by voltooiing indien dit sonder rekenhulp aangepak word. Die tradisionele metode van korrelasie met behulp van stratigrafiese beskrywings is nog baie effektief waar die inligting van een persoon of projek afkomstig is. Op regionale skaal word gevind dat die geologiese beskrywings nie standaard is nie en dikwels nie voldoende gedetailleerde beskrywings bevat om bruikbaar te wees nie. Geofisiese tegnieke van digtheidmeting en natuurlike radiasie bied 'n baie effektiewe en vinnige metode van korrelasie wat homself leen tot rekenarisering. Die probleem is egter dat hierdie inligting nie bekom kan word vir boorgate wat nie meer oop is nie.

Die metode wat hier aangebied word, maak gebruik van die chemiese en fisiese eienskappe wat met die steenkoollaag geassosieer is en nie deur beskrywing van mense beïnvloed word nie. Die tegniek kan maklik gerekenariseer word en groot hoeveelhede data kan dus vinnig en objektief geëvalueer word. Selfs van die vroegste tye af word 'n kortanalise op ru-steenkool en verskeie dryffraksies uitgevoer. Die metode word dus om hierdie bron van inligting ontwikkel sodat al die historiese boorgatinligting gebruik kan word. Dit moet egter in gedagte gehou

word dat baie van die gemete waardes self tot 'n mate subjektief kan wees as gevolg van sistematiese analitiese foute asook die manier waarop die steenkoollae gemonster is. Dit kan selfs gebeur dat slegs die beste monsters uit 'n steenkoollaag geneem word en as verteenwoordigend van daardie laag aangebied word. Hierdie soort subjektiwiteit word egter in 'n groot mate uitgeskakel deur statisties na die data te kyk.

Toevallige analitiese foute as gevolg van onnoukeurige laboratoriumtegnieke of -apparaat kan uit die aard van die data wat gebruik word nie deur herhaling geïdentifiseer word nie. Sulke waardes word waargeneem as anomalieë en word deur middel van statistiese verwerking of op grond van geologiese oorwegings geelimineer.

Indien geïsoleerde steenkoolvoorkomste wel van dieselfde plantmateriaal ontstaan het en die plantmateriaal in soortgelyke fisiese en chemiese omgewings versamel het, sou daar verwag word dat die onderskeie voorkomste in karakter dieselfde sou wees. Daar bestaan egter die moontlikheid dat die vormingsomstandighede van die verskillende voorkomste verskil het en dit kompliseer die korrelasie. Natuurlike laterale variasie of neiging van die eienskappe van een en dieselfde laag moet ook in gedagte gehou word. In hierdie verband het Erasmus (1964) deur middel van petrografiese laagprofiele aangetoon dat die Onder-No 4- en No 5-lae in die Witbankveld oor afstande van tot 14 km as sodanig herkenbaar is, hoewel laterale variasies wel voorkom.

Die studiegebied is so gekies dat dit gedeeltes van die Witbank, Hoëveld- en Oos-Transvaalafsettingskomme insluit (Wybergh, 1922) (Fig. 1.1). en is ongeveer 80 km oos van Pretoria op die Oos-Transvaalse Hoëveld geleë en strek vanaf Witbank tot net oos van Middelburg en suidwaarts tot by Bethal en suidooswaarts tot by Breyten. In elk van die gebiede is gebruikname aan die steenkoollae gegee maar die vermoede bestaan lank reeds dat elke laag 'n ekwivalent in die ander velde het sodat die No 5-





FIG. 1.1 Ligging van die studiegebied in Transvaal
(kaart ontleen aan De Jager, 1983)

van die Hoëveld dieselfde is as die A-laag van Oos-Transvaal ensovoorts.

Die skeiding tussen die Witbank- en Hoëveldafsettingskomme is goed gedefinieer deur die suidwaarts-konvekse Smithfieldrug van voor-Karoogesteentes (Fig 1.2) waaragter steenkoollae onder stabiele tektoniese omstandighede gevorm het. Die vorming van die eerste lae is grootliks beheer deur die topografie van die Karoovloer en is ook ingeperk deur die Smithfieldrug, maar mettertyd is die kom tot 'n groot mate opgevolg deur klastiese sedimente en het van die jonger steenkoollae bo-oor die laer gedeeltes van die Smithfieldrug gevorm. Gedurende die proses van diagenese het die dikste sedimentêre afsettings die grootste absolute hoeveelheid kompaksie ondergaan met die gevolg dat die steenkoollae oor die voor-Karootopografie gedrapeer is. Die effek van kompaksie neem af met toenemende afstand vanaf die vloergesteentes. Alle steenkoollae wat dus binne sowat twintig meter bokant die vloergesteentes voorkom, is topografies gekontroleer; 'n feit wat in gedagte gehou moet word indien enige poging tot korrelasie op grond van die geometrie van die lae gedoen word (Fig. 1.3).

Die grens tussen die Hoëveld- en Oos-Transvaalsteenkoolvelde is nie goed gedefinieer nie en word geplaas in 'n sone waar die ontwikkeling van steenkool die swakste is. Die Onder-No 4-laag wat in die Hoëveld goed ontwikkel is, verdeel in hierdie sone tot soveel as ses dun, onëkonomiese lagies. Die rede vir die verdeling is nog nie in diepte ondersoek nie, maar dit blyk die effek te wees van 'n baie sterk noord-suid dreineringspatroon waardeur die proses van veenvorming periodiek onderbreek is deur klastiese sedimentasie.

Die inligting wat vir hierdie studie gebruik is, is verkry van die Nasionale Steenkooldatabasis van die Geologiese Opname waar al die geologiese en analitiese data van steenkool geberg word wat na eksplorاسie deur maatskappye aan die Departement Mineraal- en Energiesake beskikbaar gestel word. Ten einde die




LEGENDE

- Groep Ecce (Formasie Vryheid)
- ▤ Voor-Ecce gesteentes

FIG. 1.2 Veralgemeende geologiese kaart van die studiegebied.

Fig. 1.3 Vereenvoudigde profiel deur die Witbanksteenkolveld
(Vertikale oordrywing = 20x)



vertroulike aard van die inligting te respekteer, word daar nie na spesifieke lokaliteite of spesifieke boorgate verwys nie.

2. ALGEMENE GEOLOGIE

Daar is reeds verskeie uitstekende studies gedoen oor die stratigrafie, sedimentologie en komontwikkeling in die betrokke gebied (De Jager, 1976; Le Blanc-Smith, 1980; Cairncross, 1980; Steyn, 1976; Erasmus, 1964; Van Vuuren, 1979). Slegs 'n oorsig van die geologie word dus hier gegee om as basis te dien vir besprekings wat later volg.

In die studiegebied is steenkool teenwoordig in die Formasie Vryheid van die Groep Ecca van die Opeenvolging Karoo. As gevolg van die topografiese hoogte bo seevlak van die komvloer, is die Formasie Pietermaritzburg nie in hierdie omgewing ontwikkel nie, terwyl die Formasie Volksrust reeds weggeerodeer is.


2.1 WITBANKSTEENKOOLVELD

Fig. 2.1 is 'n tipe-profiel vir hierdie steenkoolveld. In breë trekke bevat elke siklus sandsteen, en ondergeskikte skalie, wat opwaarts growwer word en aan die dak afgesluit word deur 'n baie kort fynerwordende fase wat in die vorming van steenkool eindig. Hierdie patroon herhaal dwarsdeur die opeenvolging.

Die vloer van voor-Karoogesteentes is baie onreëlmatig en die effek hiervan word in die oorliggende strata weerspieël. In die paleovalleie is tilliet van die Formasie Dwyka teenwoordig. Waar die voor-Karoovloer styg, neem die dikte van die tilliet progressief af totdat dit eenvoudig verdwyn teen die glooiing van paleorûe. Die vloergesteentes wat in hierdie omgewing hoofsaaklik Rooibergfelsiet en graniet van die Kompleks Bosveld is, kom op plekke voor as geologiese vensters in die Karoogesteentes.

In hierdie omgewing word al die steenkoollae deur die paleotopografie beïnvloed, veral die No 1- en 2-lae wat heel onder voorkom. Die effek van die topografie op die verskillende lae kan in die korrelasiematrikse in Bylaag 3 gesien word.

FIG. 2.1 Veralgemeende profiel van die Witbanksteenkoolveld.



2.2 HOËVELDSTEENKOOVELD

Figure 2.2 en 2.3 is tipe-profiel vir hierdie steenkoolveld wat per definisie net suid van die rug van voor-Karogesteentes geleë is. In die noorde van die veld is die steenkool dus baie vlak en word die dikte en diepte van lae deur die paleotopografie beheer. Verder suidwaarts kom die steenkool op groter dieptes voor en word die lae oor die algemeen dunner. Elkeen van die lae in die Witbankkom het skynbaar 'n ekwivalent in die Hoëveldsteeenkoolveld en die sedimentêre eenhede tussen die lae het baie dieselfde karakter (De Jager, 1976). In die noorde van die veld kom al die steenkoollae in 'n bestek van 63 tot 73 m voor. Verder suid vebreed hierdie sone tot soveel as 94 m.

2.3 OOS-TRANSVAALSTEENKOOVELD.

Fig. 2.4 is 'n tipe-profiel vir hierdie steenkoolveld. Steyn (1976) het 'n fasiesanalise gedoen in die Davelsektor van die Oos-Transvaalsteeenkoolveld tussen Bethal, Ermelo en Breyten waarin die eienskappe van die verskillende eenhede in detail bespreek word.

FIG. 2.2 Veralgemeende profiel van die Hoëveldsteenkolveld (noord en oos)




FIG. 2.3 Veralgemeende profiel van die Hoëveldsteenkoolveld (sentraal en suid)





FIG. 2.4 Veralgemeende profiel van die Oos-Transvaalsteenkoolveld



3. EIENSKAPPE EN METODES WAT OORWEEG IS VIR KORRELASIEDOELEINDES

3.1 PROFIELE

Die eenvoudigste metode van korrelasie is met behulp van profiele deur die steenkoolafsettingskom. Indien die boorgatpasiëring klein genoeg is, kan 'n geometriese korrelasie gedoen word. Sodra die boorgatpasiëring egter groter as sowat 200 m is, kan korrelasiefoute maklik voorkom, veral in randsones waar die elevasie van die steenkoollaag deur paleotopografie beheer word (Fig. 1.3). Waar die boorgatpasiëring dus te groot word, moet addisionele kontroles aangewend word waarvan die klaarblyklikste die geassosieerde sedimentêre fasies is. As gevolg van die variërende standaard van die boorkernbeskrywings is hierdie metode egter nie betroubaar nie omdat die boorgatstaat afhang van die insig en terminologie van die betrokke geoloog. Hierdie feit blyk duidelik uit die werk van Le Blanc-Smith (1980).

'n Skielike verandering in die elevasie van 'n steenkoollaag mag die gevolg wees van die voor-Karootopografie of van verplasing deur dolerietintrusies. In hierdie verband kom die wet van minimum laterale stoot van du Toit (1948) ter sprake. Indien 'n boorgat dus sou ophou net onderkant die steenkoollaag, kan die rede vir die elevasieverskil nie bo twyfel bepaal word nie en as die steenkoollaagkonfigurasië nie tipies is nie, kan 'n verkeerde korrelasie gemaak word.

3.2 ELEVASIE VAN STEENKOOLLAAG

In die studie van die diskriminantanalise van die steenkoollaag wat later bespreek word, staan die steenkoollaagelevasie uit as een van die sterkste onderskeidende eienskappe.

In 'n omgewing waar daar min plooiing, verskuiwings of dolerietintrusies is, is die elevasie van 'n steenkoollaag redelik

konstant. Dolerietintrusies onderkant die steenkoollaag verplaas die laag opwaarts oor 'n afstand wat gelyk is aan die vertikale (skynbare) dikte van die doleriet (Du Toit, 1948). Indien die volle dikte van die doleriet bekend is, kan hierdie syfer van die elewasie afgetrek word en die laagelewasie herstel word na die oorspronklike vlak. Hierdie korreksie is egter net effektief wanneer die vloergesteentes reëlmatig golf of nagenoeg horisontaal is, of indien die elewasie van die betrokke steenkoollaag nie deur die topografie beheer word nie.

Figure 3.1 tot 3.3 is **histogramme*** van vloerelewasie van steenkoollae vir areas van 25 x 25 km uit elk van die drie velde. Op Fig. 3.2 (No 5-laag) kan duidelik 'n bimodale verspreiding gesien word waar die eerste piek die normale verspreiding van elewasie van die laag is en die ander piek die voorkoms wat deur dolerietintrusies van nagenoeg konstante dikte verplaas is. Fig 3.4 tot 3.6 is **histogramme** van dieselfde data, maar die totale dikte van doleriet onderkant die steenkoollae is afgetrek en die elewasie is so herstel na die oorspronklike vlak. Fig 3.2 en 3.5 (No 5-laag) illustreer die effek die duidelikste: Die piek van lae elewasie het vergroot en die klein piek van hoë elewasie verteenwoordig die boorgate waarin die volle dikte van die doleriete nie deurbaar is nie. Waar die dolerietintrusies ingesluit is, is die modus van die eerste piek by 1 540 m en die tweede piek by 1 570 m wat dui op 'n tipiese dikte van 30 m vir die dolerietintrusie. In Fig. 3.5 word slegs een piek waargeneem maar die modus daarvan het verskuif na 1 560 m. Dit sou verwag word dat die modus naby 1 540 m moet wees. Dat dit nie die geval is nie, dui moontlik daarop dat daar nog steeds dolerietintrusies teenwoordig is. 'n Enkele geïsoleerde voorkoms soos dié by 1 450 m (Fig. 3.3, No 5-laag) is verdag aangesien boorgate nie verder as een kilometer uitmekaar is nie; 'n korrelasiefout of foutiewe data word dus hier vermoed.

Die versameling van plantmateriaal geskied op 'n nagenoeg horisontale vlak maar die hoeveelheid sakkings tydens kompaksie hang

* Die frekwensie per interval word by die middelpunt van die interval geteken om leesbaarheid te verbeter waar baie intervale voorkom.

FIG. 3.1 Histogram van elevasie van lae: Witbanksteenkovveld




FIG. 3.2 Histogram van elevasie van lae: Hoëveldsteenkolveld









FIG. 3.3 Histogram van elevasie van lae: Oos-Transvaalsteen-
koolveld



VLOERELEVASIE (m)

FIG. 3.4 Histogram van elevasie van lae met uitsluiting van doleriet: Witbanksteenkoolveld




FIG. 3.5 Histogram van elevasie van lae met uitsluiting van doleriet: Hoëveldsteenkoveld





FIG. 3.6 Histogram van elevasie van lae met uitsluiting van doleriet: Oos-Transvaalsteenkolveld



af van die dikte en korrelgrootte van die sedimente onder die veenlaag. 'n Grootte klastiese vloergesteente sal bv. minder kompaksie ondergaan as 'n moddersteen, met die effek dat die oorliggende steenkoollaag nie meer horisontaal is nie. Teichmüller (1975) het die kompaksie van veenlae tydens inkoling bestudeer en gevind die steenkool "vloei" om enige konkresie tydens kompaksie. Deur die middellyn van die konkresie te meet teenoor die dikte van die eerste lateraal-deurlopende steenkoollagie, kan die kompaksieverhouding verkry word. Sy bevindings was dat die kompaksieverhouding ongeveer 7:1 is vir die Pteridospermveen van die laat-Karboon om van veen tot kookskool in te kool. Vir die rietagtige tropiese moerasplante kan die kompaksieverhouding tot soveel as 20:1 wees. Hy merk verder op dat die algemene opvatting is dat die kompaksie tydens inkoling van veen deur sagte bruinkool na bitumineuse steenkool 6:3:1 is.

Die dikte van die sedimentere lae bepaal ook die mate van kompaksie aangesien die finale dikte 'n persentasie van die oorspronklike dikte is. Hierdie effek kan duidelik gesien word waar die vloergesteentes styg en die steenkoollaag oenskynlik teen die paleoglooiing "opkruip" (Fig. 1.3).

Indien boorgate diep genoeg geboor is om die elevasie van die vloergesteentes te kan definieer, kan bogenoemde probleme tot 'n groot mate oorbrug word en vorm die steenkoollaagelevasie 'n goeie basis vir korrelasie (Verster, 1948). Die betroubaarheid van die metode neem toe namate die digtheid van boorgate toeneem. Dit is egter totaal nutteloos om steenkoollae in 'n enkele boorgat in 'n nuwe omgewing te identifiseer.

3.3 DIKTE VAN STEENKOOLLAE

Waar steenkool onder stabiele omstandighede gevorm het en die vloer van die afsettingskom redelik gelyk is, is die dikte van steenkoollae oor afstande van tot 50 km baie konstant. In so 'n geval kan die steenkoollaagdikte as 'n onderskeidende kenmerk aangewend word. Die dikte van 'n steenkoollaag is egter baie subjektief aangesien sommige geoloë die steenkoolsone bemonster eerder as die steenkoollaag. Hierbenewens is daar vele moddersteen-, koolskalie- en selfs sandsteenlae wat ingespoelde klasiese sedimente verteenwoordig en die sone verbreed, terwyl die dikte van "bruikbare steenkool" in werklikheid kan verminder of onveranderd bly. Die begrip van "bruikbare steenkool" is op sigself ook debateerbaar. Na die bestudering van verspreidingsdiagramme is besluit om slegs monsters met minder as 35 persent as vir ru-steenkool en minder as 30 persent as vir die dryffraksie by RD van 1,6 by die dikte van die laag in te sluit. Hierdie perke is op alle lae van toepassing gemaak.

In die diskriminantanalise metode wat later bespreek word, sal aangedui word dat dikte die beste onderskeidende eienskap is in omgewings waar dit nie deur die vloertopografie beheer is nie. Die elevasie van lae mag egter nog verband hou met die vloertopografie as gevolg van differensiële kompaksie. In Bylaag 3 sal opgemerk word dat die korrelasiekoëffisient tussen elevasie en die dikte van die No 2-laag hoër is as dié van die ander lae wat dui op 'n redelike mate van topografiese kontrole vir die No 2-laag en min of geen beheer op die Onder-No 4-laag en No 5-laag nie. Figure 3.7 tot 3.9 wys die tipiese verspreiding van diktes van die steenkoollae vir die No 5-, Onder-No 4- en No 2-lae in die verskillende velde.

FIG. 3.7 Histogram van dikte van steenkoollae in die Witbank-
steenkoolveld




FIG. 3.8 Histogram van dikte van steenkoollae in die Hoëveld-
 steenkoolveld





FIG. 3.9 Histogram van dikte van steenkoollae in die Oos-Transvaalsteenkoolveld



3.4 STEENKOOLEIENSKAPPE

3.4.1 Rang, graad en tipe

In afdeling 3.3 is redes verstrek waarom slegs monsters met minder as 35 persent as gebruik word. Om verteenwoordigende waardes vir die steenkoollaag as geheel te kry, is die geweegde gemiddelde van die analitiese gegewens van al die monsters wat minder as 35 persent as bevat, geneem. As gewigsfaktor vir ru-steenkool is die lengte van die monster gebruik. Die produk van lengte en RD sou 'n beter gewigsfaktor wees, veral in die geval van ru-steenkool, maar die RD van die ru-steenkoolmonsters is nie algemeen beskikbaar nie. In die geval van dryffraksies is die produk van lengte en opbrengs as gewigsfaktor gebruik.

Steenkool kan geklassifiseer word volgens drie onafhanklike eienskappe naamlik:

STEENKOOLGRAAD: Dui die suiwerheid van die steenkool aan en word gemeet as die hoeveelheid anorganiese materiaal of as wat oorbly na verbranding.

STEENKOOLTIPPE: Word bepaal deur die primêre steenkoolvormde plantmateriaal soos weerspieël in die maseraalsamestelling (vitriniet, eksiniet, inertiniet).

STEENKOO LRANG: Gebaseer op die mate van metamorfose soos gemeet in die reflektiwiteit van die maseraal vitriniet.

Graad, tipe en rang is drie onafhanklike veranderlikes (Snyman et. al. 1983) en vir enige klassifikasie om die werklike karakter van die steenkool weer te gee, moet al drie eienskappe gelyktydig gebruik word. Die huidige Suid Afrikaanse klassifikasiestelsel is gebaseer op 'n indeling volgens vlugstofinhoud (d.a.v.). Hierdie metode is totaal ontoereikend om die karakter van die steenkool uit te beeld aangesien die vlugstofinhoud deur

graad, tipe en rang bepaal word.

Steenkool bestaan hoofsaaklik uit koolstof, waterstof, suurstof, stikstof en organiese swael. Eienskappe soos vlugstofinhoud en hittewaarde is uitvloeisels van die elementsamestelling van die steenkool wat op sy beurt van rang en tipe afhanklik is. Gevolglik is die verwantskap tussen die elementsamestelling aan die een kant en die vlugstofinhoud en hittewaarde aan die ander kant taamlik kompleks. Die elementanalise van steenkool is egter nie algemeen beskikbaar nie, terwyl die kortanalise en hittewaarde byna op 'n roetinebasis uitgevoer word.

Seyler het in 1900 die verwantskap tussen die koolstof- en waterstofinhoud en die fisies-chemiese eienskappe vir steenkool van die noordelike halfrond in die vorm van 'n diagram voorgestel. Seyler se diagram is egter nie op Suid-Afrikaanse steenkool van toepassing nie aangesien 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse steenkool buite die steenkoolband op die diagram val. Snyman et. al. (1983) het gevolglik die Seyler-diagram aangepas om die verband tussen elementsamestelling en ander fisies-chemiese eienskappe vir Suid-Afrikaanse steenkool weer te gee. Die verband, wat bestaan is deur middel van regressie in polinome omgesit. Met twee onafhanklike veranderlikes soos hittewaarde (d.a.v.) en vlugstofinhoud (d.a.v.) kan die koolstof-, waterstof- en suurstofinhoud van 'n monster benaderd bepaal word. Op dieselfde manier kan ook rang (gedefinieer deur reflektiwiteit van vitriniet) en tipe (gedefinieer deur totale reaktiewes, naamlik vitriniet + eksiniet + reaktiewe semifusiniet) benaderd bepaal word en die steenkool so geklassifiseer word.

Om 'n steenkoollaag lateraal te korreleer, moet gekyk word na die primêre eienskappe, d.w.s. die eienskappe wat tydens veenvorming hul beslag verkry het, naamlik tipe en graad. Van Krevelen (1961) beskou tipe en rang as die intrinsieke eienskappe (d.w.s. inherent aan die organiese substans) en graad as eks-trinsiek. In die Suid-Afrikaanse verband is rangverhoging egter

op lokale skaal aan dolerietintrusie toe te skryf en dus sekonder van aard.

Rangverhoging bemoeilik die korrelasie van steenkoollae op grond van vlugstofinhoud of hittewaarde aangesien die band van steenkooleienskappe op die diagram vernou in die rigting van hoer rang (Fig. 3.10). Rangverhoging het ook 'n indirekte invloed op die graad. Tydens rangverhoging word die steenkool ontvlugtig en die voginhoud neem af terwyl die asinhoud en vastekoolstofinhoud relatief verhoog. Die asinhoud van 'n hoer en 'n laerangsteenkool uit dieselfde laag is dus nie direk vergelykbaar nie. Die eienskappe van die steenkool kan na rangverhoging nie weer herstel word na wat dit was voordat inkoling plaasgevind het nie. 'n Histogram van afgeleide vitrinietreflektiwiteit kan egter help om monsters wat ontvlugtig is, aan te dui (Fig. 3.11). Steenkooltipe is 'n primere eienskap van die steenkool omdat dit verwys na die maseraalsamestelling of eenvoudig die persentasie vitriniet. Na aanleiding van die tydsverloop tussen die vorming van die verskillende steenkoollae, word aangeneem dat die paleoklimaat en daarmee saam die plantegroei moes verander het, wat weer die maseraalsamestelling bepaal. Vir die doel van korrelasie is tipe dus die belangrikste eienskap om verskillende lae te onderskei. Die maseraalsamestelling is egter nie in die algemeen beskikbaar nie. Verder skeep die swak gedefinieerde eienskappe van "reaktiewe semifusiniel" 'n probleem met die herhaalbaarheid van maseraalanalises. Vir die huidige doel is die vitrinietinhoud nie mikroskopies bepaal nie, maar afgelei (as totale reaktiewes) (Fig. 3.12) uit hittewaarde (d.a.v.) en vlugstofinhoud (d.a.v.) met behulp van die gewysigde Seyler-diagram (Snyman et. al. 1983).

Vir die doel van korrelasie met behulp van steenkooleienskappe kan een van twee rigtings gevolg word. Die eerste benadering is om al die onafhanklike veranderlikes, soos uit die kortanalise verkry, direk aan 'n statistiese proses te onderwerp en dan regressies tussen al die veranderlikes uit te voer en so groeperings

FIG. 3.10 Seyler-diagram soos aangepas vir Suid-Afrikaanse steenkool
(met toestemming van Snyman et. al., 1983)




FIG. 3.11 Histogram van afgeleide vitrinietreflektiwiteit vir die Hoëveldsteenkolveld





FIG. 3.12 Histogram van afgeleide vitrinietsentrasie vir die Hoëveldsteenkolveld



skep. Die tweede benadering sal wees om met behulp van die gewysigde Seyler-diagram die benaderde tipe (Fig. 3.12) en rang (Fig. 3.11) af te lei. Die korrelasie van steenkoollae kan dan geskied deur die tipeklassifikasie van die steenkoollae lateraal uit te volg. Albei metodes is gebruik in die toetsgebied en die resultate wat behaal is, is byna identies. Daar is egter besluit om van die eerste metode gebruik te maak aangesien geen tussenstappe nodig is nie.

Die gewysigde Seyler-diagram is egter baie nuttig om anomale waardes mee aan te dui. Daar kan bv. tussen onverweerde en hoogsverweerde steenkool onderskei word, aangesien die analyses van die verweerde steenkool onderkant die band van aanvaarbare steenkoolwaardes val (Fig. 3.10). Op dié manier kan anomale waardes wat die gevolg is van oksidasie, die metamorfe-effek van dolerietintrusies of bloot foutiewe data geïdentifiseer en in die statistiese verwerking geïgnoreer word om verkeerde interpretasie te voorkom.

Graad word uitgedruk as die persentasie anorganiese bestanddele of die asinhoud van die steenkool. Die anorganiese bestanddele van die steenkool is intrinsiek of ekstrinsiek. Die intrinsieke anorganiese bestanddele is afkomstig van die maaksel van die plant self in die vorm van organiese verbindings van kalsium, magnesium, yster, aluminium, natrium, kalium, mangaan, titaan, swael, silikon, chloor en fosfor (Francis 1961). Tydens steenkoolvorming verander die verbindings soms en mag die chloriede in oplossing gaan.

Die grootste gedeelte van die asinhoud is egter ekstrinsiek van oorsprong. Diskrete mineraalkorrels sak tydens die afsetting van die plantmateriaal uit die water uit of slaan uit grondwater neer tydens diagenese en metamorfose. Die asinhoud dien oor die algemeen as 'n verdunning van die organiese bestanddele maar beïnvloed ook die analisewaardes van vlugstof-, vog-, koolstof-, waterstofinhoud en hittewaarde in 'n geringe mate. Aangesien die




grootste gedeelte van die asinhoud ekstrinsiek is, kan dit net aangewend word vir korrelasie in soverre dit tiperend van 'n laag is. Die paleo-ekologie (dit wil sê die bodemgesteldheid, topografie, diepte van die watervlak en die klimaat) bepaal die aard van die plantegroei asook die aard van die veranderingsprosesse tydens veenvorming wat weer die maseraalsamestelling van die steenkool beïnvloed sodat daar 'n direkte verband tussen die asinhoud en die maseraalsamestelling behoort te bestaan. Fig. 3.13 tot 3.15 is histogramme van asinhoud vir die hooflaag in die verskillende steenkoolvelde. Dit sal opgemerk word dat daar veral aan die lae-as kant verskille tussen die lae voorkom wat wel ter onderskeiding aangewend kan word.

Aangesien 'n gedeelte van die analitiese data betrekking het op ru-steenkool, 'n gedeelte op gewaste steenkool, en 'n gedeelte op albei, is dit noodsaaklik om te bepaal watter soort data gebruik gaan word. By die keuse van 'n steenkoolfraksie is daar twee belangrike oorwegings, naamlik:

1. Watter steenkoolfraksie sal die karakter van die steenkool die beste uitbeeld ?
2. Van watter steenkoolfraksie is die meeste data beskikbaar ?

Met enkele uitsonderings is die analyses van ru-steenkool algemeen beskikbaar wat beteken dat meer kontrolepunte beskikbaar is. Die probleem met 'n analise van ru-steenkool is egter dat dit gedoen is op materiaal wat dikwels moddersteen- of selfs sandsteenlensies bevat wat niks met die steenkool self te doen het nie en eenvoudig die intrinsieke eienskappe van die steenkool verdoesel (Fig. 3.16). Aan die ander uiterste is die dryffraksie by 'n RD van 1,40 (Fig. 3.17). Vir praktiese doeleindes is dit 'n lae-as vitrinietkonsentraat wat glad nie verteenwoordigend van die steenkoollaag is nie. Boonop is die vitriniet van die drie verskillende lae maar min of meer dieselfde, behalwe vir die plaaslike invloed van rangvariasies. Die dryffraksie by RD 1,60 is algemeen beskikbaar en skep 'n goeie middeweg (Fig. 3.18).

FIG. 3.13 Histogram van asinhoud van lae in die Witbanksteenkolveld (dryffraksie by RD 1,60)



ASINHOUD (%)

FIG. 3.14 Histogram van asinhoud van lae in die Hoëveldsteenkoolveld (dryffraksie by RD 1,60)




FIG. 3.15 Histogram van asinhoud van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryfraksie by RD 1,60)




FIG. 3.16 Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud vir ru-steenkool




FIG. 3.17 Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud vir die dryffraksie by RD 1,40





FIG. 3.18 Variasiediagram van asinhoud teenoor vlugstofinhoud vir die dryffraksie by RD 1,60



3.4.2 Vlugstofinhoud

Die vlugstofinhoud van die steenkool word in wese deur sy intrinsieke kenmerke, naamlik tipe en rang, bepaal. Die minerale in die steenkool dien hoofsaaklik as verdunningsmiddel, alhoewel die hoë-temperatuur dissosiasie van karbonaatminerale en piriet sowel as die dehidroksilasie van kleiminerale ook vlugtige gasse (koolsuurgas, swael- en waterdamp) lewer wat saam met die vlugstofinhoud van die steenkool bepaal word. Omdat die vlugstofinhoud dus deur tipe, rang en graad bepaal word, toon dit 'n taamlike groot variasie (Fig. 3.19 tot 3.21).

Om die verdunningseffek van die minerale in steenkool ten minste tot 'n mate uit te skakel en die analyses op 'n vergelykbare basis te kry, kan die vlugstofinhoud op 'n droë, asvrye basis bereken word met die formule:

$$\text{vlugstofinhoud (d.a.v.)} = \frac{\text{vlugstofinhoud(bepaal)} \times 100}{(100 - \text{as} - \text{vog})}$$

(Fig. 3.22 tot 3.24).

Daaruit blyk dat veral in die Oos-Transvaalse steenkoolveld 'n taamlik groot persentasie van die steenkool deur doleriet ontvlugtig is.

3.4.3 Hittewaarde

Net soos in die geval van vlugstofinhoud word die hittewaarde deur die tipe, rang en graad van die steenkool bepaal (Fig. 3.25 tot 3.27). Minerale dien as verdunningsmiddel. Enkele minerale neem deur dissosiasie- en hidroksilasiereaksies energie op tydens verbranding terwyl sulfiedminerale energie afgee

FIG. 3.19 Histogram van die vlugstofinhoud van lae in die Witbanksteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)




FIG. 3.20 Histogram van die vlugstofinhoud van lae in die Hoëveldsteenkoolveld (dryffraksie by RD 1,6)




FIG. 3.21 Histogram van die vlugstofinhoud van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)




FIG. 3.22 Histogram van vlugstofinhoud (d.a.v.) van lae in die Witbanksteenkoolveld (dryfraksie by RD 1,6)




FIG. 3.23 Histogram van vlugstofinhoud (d.a.v.) van lae in die Hoëveldsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,6)





FIG. 3.24 Histogram van vlugstofinhoud (d.a.v.) van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryffraksie by RD 1,60)



tydens oksidasie. Net soos in die geval van vlugstofinhoud, kan die hittewaarde van steenkool met verskillende grade op 'n vergelykbare basis gebring word deur die hittewaarde op droë, asvrye basis uit te druk. Hittewaarde (d.a.v.) is nagenoeg konstant vir 'n laag op lokale skaal, mits die graad en rang konstant bly. Ongelukkig is daar baie oorvleueling tussen die verskillende lae (Fig. 3.28 tot 3.30) wat die aanwending van die eienskap as 'n onderskeidingsmaatstaf beperk.

3.4.4 Voginhoud

Vog in steenkool kan oppervlak- of inherente vog wees. Oppervlakvog is vog wat op die oppervlak van die verpoeierde steenkool voorkom, terwyl inherente vog in die porieë gehuisves word. Laasgenoemde is egter afhanklik van die relatiewe humiditeit van die omgewing. Indien die steenkoolmonster in lug met lae humiditeit verkeer, sal 'n gedeelte van die porieëvog verlore gaan. Steenkool word as lugdroog beskou as die tempo van gewigsverlies minder as 0.1 persent per uur is (Snyman et. al. 1983).

Ten spyte van die kompaksie wat steenkool ondergaan tydens vorming en metamorfose, het hoërangsteenkool nog 'n interne oppervlak van nagenoeg $40 \text{ m}^2/\text{g}$ en laerangsteenkool $180 \text{ m}^2/\text{g}$ (Van Krevelen 1961).

Van die porieë in die steenkool mag groot genoeg wees om watermolekules te huisves. Die inherente vog word gemeet as die persentasie massaverlies by $105\text{-}110^\circ\text{C}$. Die voginhoud mag ook beïnvloed word deur die teenwoordigheid van kleiminerale met geabsorbeerde vog of moddersteen wat in die praktyk gevind is om gemiddeld 1,4 persent vog te bevat (Snyman et. al. 1983).

Die verdunningseffek van minerale (anders as gehidrateerde kleie) kan in 'n mate uitgeskakel word deur die voginhoud op

FIG. 3.25 Histogram van hittewaarde van lae in die Witbanksteenkoolveld (dryffraksie by RD 1,6)




FIG. 3.26 Histogram van hittewaarde van lae in die Hoëveldsteenkoolveld (dryffraksie by RD 1,60)




FIG. 3.27 Histogram van hittewaarde van lae in die Oos-Transvaalsteenkolveld (dryfraksie by RD 1,6)




FIG. 3.28 Histogram van hittewaarde (d.a.v.) van lae in die Witbanksteenkoveld (dryffraksie by RD 2,6)




FIG. 3.29 Histogram van hittewaarde (d.a.v.) van lae in die Hoëveldsteenkovveld (dryffraksie by RD 1,6)





FIG. 3.30 Histogram van hittewaarde (d.a.v.) van lae in die Oos-Transvaalveld (dryffraksie by RD 1,6)



asvrye basis uit te druk deur middel van die verband:

$$\text{voginhoud (a.v.)} = \frac{\text{voginhoud (lugdroog)} \times 100}{(100 - \text{as})}$$

Die vogwaardes wat beskikbaar is, kom van verskillende labratoria oor 'n groot tydsbestek en daar kan nie aanvaar word dat die relatiewe humiditeit deurentyd konstant was nie. Tog is daar aanduidings dat dit onderskeidingspotensiaal het en dit kan in die proses van korrelasie gebruik word.

3.4.5 Vastekoolstofinhoud

Vaste koolstof van steenkool word in die algemeen nie bepaal nie. Dit word bereken as die komplement van die as-, vlugstof-, en voginhoud, volgens die verband:

$$\text{vaste koolstof} + \text{as} + \text{vlugstof} + \text{vog} = 100$$

Indien die as-, vlugstof- en voginhoude reeds vir karakterisering gebruik word, is die vastekoolstofinhoud dus effektief ook gebruik.

3.4.6 Opbrengs by RD van 1,60

Die relatiewe digtheid van steenkool verskil van plek tot plek en van laag na laag. Die RD word hoofsaaklik bepaal deur die asinhoud in 'n omgekeerde verband. Ander veranderlikes soos tipe en rang het wel ook 'n invloed soos blyk uit die nie-lineêre verband tussen asinhoud en RD.

Aangesien die RD van die steenkoolmonsters nie in die algemeen beskikbaar is nie, word die persentasie opbrengs by RD 1,60 gebruik as 'n maatstaf (Fige. 3.31 tot 3.33) en omdat dit verskil vir die verskillende lae kan dit as onderskeidingsparameter aangewend word.

FIG. 3.31 Histogram van opbrengs by RD 1.60 in die Witbanksteenkovveld




FIG. 3.32 Histogram van opbrengs by RD 1.60 in die Hoëveldsteenkolveld





FIG. 3.33 Histogram van opbrengs by 1.60 in die Oos-Transvaalsteenkoolveld




3.4.7 Die invloed van dolerietintrusies op die rang van die steenkool

Wanneer die ontledingsresultate van steenkoolmonsters nie versoenbaar is met die groep waaraan dit behoort nie, moet 'n verklaring gevind word om verkeerde interpretasie of korrelasie te vermy. In die studiegebied is dolerietintrusies 'n algemene verskynsel en word steenkoollae dikwels ontvlugtig. In die skep van diskriminantmodelle (Hoofstuk 4) word ontvlugtigde of ander vorms van anomale waardes gebruik tot op 'n punt waar dit nie meer versoenbaar is met die groep nie, waarna dit totaal buite rekening gelaat word in die statistiese proses. Dit kan dus aanvaar word dat daar ruimte gemaak is vir matig-anomale waardes terwyl geen syfers wat die model kan verwing, gebruik is nie.

Verskeie metodes kan aangewend word om analisewaardes van ontvlugtigde of gemetamorfoseerde steenkool te identifiseer. Die dolerietfaktor (d.i. die verhouding van die afstand tussen die doleriet en die steenkool gedeel deur die dikte van die doleriet) is deur Blignault (1952) gebruik om ontvlugtigde steenkool in Natal te herken. Volgens hom is die steenkool ontvlugtig as die verhouding onder 1,0 daal. Uit Fig 3.34 waarop die data vir nagenoeg 300 boorgate uit 'n gebied van 25 by 25 km aangedui is, is dit duidelik dat hierdie waarde verskil vir die verskillende steenkoollae omdat die maseraalsamestelling van die verskillende lae verskil.

Die dikte van 'n dolerietgang weerspieel egter nie noodwendig sy hitte-effek nie, aangesien 'n dun gangetjie vir 'n lang tyd as 'n toevoerkanaal vir magma kon dien (Snyman, 1976; Hamilton, 1968). Hierdie moontlikheid word geillustreer deur die enkele monsters met hoe waardes vir die dolerietfaktor en uitsonderlike lae vlugstofinhoud. Dit is dus duidelik dat geen kwantitatiewe verband tussen die vlugstofinhoud en die dolerietfaktor bestaan nie. Dit is verder moontlik dat die dikte van die steenkoollag vergeleke met die dikte van die doleriet self ook 'n effek kan hê op die

FIG. 3.34 Variasiedigram van
VLUGSTOFINHOUD TEENOR DOLERIETFAKTOR



mate van ontvlugting. So sal 'n dolerietintrusie met 'n dikte van 1 m op 'n afstand van 0,5 meter waarskynlik nie dieselfde ontvlugtingseffek hê op twee steenkollae van onderskeidelik 5 en 1 m dik nie. Om hierdie moontlikheid te bestudeer is 'n "dolerietfaktor A" getoets. Dolerietfaktor $A = (\text{dolerietdikte}) / (\text{tussenspasiering}) / (\text{laagdikte})$. Die faktor is so gedefinieer dat die waarde direk eweredig is met teoretiese metamorfe effek daarvan. Geen duideliker verband as in die geval van Blignault se faktor kom na vore nie en die tegniek blyk nie bruikbaar te wees vir die identifisering van ontvlugtigde steenkool nie (Fig.3.35).

Aangesien die vlugstofinhoud ook deur die maseraalsamestelling bepaal word, is die $Rov(\max)$ soos afgelei van die gewysigde Seyler-diagram (Snyman et. al. 1983), 'n meer aanvaarbare maatstaf van rang (Fig. 3.10). In die omgewing waar hierdie data geneem is, kom 'n prominente dolerietintrusie voor net bokant die No 2-laag, wat die relatiewe groot persentasie van hoërangsteenkool in die No 2-laag verklaar (Fig 3.11). Die No 5-laag het baie min rangverhoging ondergaan en die histogram dui op 'n normaalverspreiding (Fig 3.11). Indien hierdie verspreiding as tipierend beskou kan word, impliseer dit dat steenkool met $Rov(\max)$ bo ongeveer 0,8 persent in hierdie omgewing ontvlugtig is. Fig. 3.36 staaf hierdie stelling daarin dat die rang vinnig verhoog en die vlugstofinhoud (d.a.v.) vinnig afneem sodra die $Rov(\max)$ bo 0,8 persent styg. Hoewel die verhouding in hitte waarde (d.a.v) minder eenduidig is met rangverhoging, steun Fig. 3.37 ook die gedagte dat die natuurlike variasie in $Rov(\max)$ in die betrokke omgewing nie bo sowat 0,35 styg nie.

Vanuit teoretiese oorwegings kan geredeneer word dat indien $Rov(\max)$ teenoor die dolerietfaktor geteken word, 'n eksponensiele kurwe van die vorm

$$Rov(\max) = ae^{bT/D}$$

verkry sal word waar T die dikte van die doleriet en D die afstand na die steenkool is. Voorlopige studies dui daarop dat $a = 0,6259$ en $b = 0,3154$ (persoonlike mededeling, Prof. C. P.

FIG. 3.35 Variasiediagram van
VLUGSTOFINHOUD TEENOOR DOLERIETFAKTOR A




FIG. 3.36 Variasiediagram van
VLUGSTOFINHOUD (D.A.V.) TEENoor ROV (MAX)





FIG. 3.37 Variasiediagram van
HITTEWAARDE (D.A.V.) TEENOR ROV (MAX)



Snyman). Dit beteken dat steenkool waarvan die rang slegs aan beladingsmetamorfose en die geotermiese gradiënt toegeskryf kan word, 'n Rovmax van 0,63 persent sal hê. Hierdie syfer word bevestig deur Fig 3.38 maar die eksponensiële kurwe word totaal verbloem deur die groot aantal uitsonderings in die laerang- en laedolerietfaktorgebied. Na aanleiding van die definisie van dolerietfaktor A mag 'n soortgelyke, dog omgekeerde, eksponensiële kurwe verwag word (Fig. 3.39). Geen duidelike verband word egter waargeneem nie, maar die teoretiese minimum Rov(max) van ongeveer 0,63 word weer eens bevestig.

Indien voldoende vlugstofdata beskikbaar is, kan die populasie beskryf en anomalieë geïdentifiseer word. Die datawaardes word in intervalle ingedeel en die frekwensie van die interval word op waarskynlikheidsgrafiekpapier teen die bo-grens van die interval geteken. Indien die punte op 'n reguit lyn val, verteenwoordig die punte 'n normaalverspreiding (Fig. 3.40). Die figuur dui daarop dat die vlugstofinhoud van die No 5- en Onder-No 4-lae normaalversprei is tot by 'n sekere waarde van vlugstofinhoud waarna dit vinnig van 'n reguit lyn afwyk. Hieruit kan afgelei word dat indien die vlugstofinhoud van die Onder-No 4-laag (RD \sim 1,60 fraksie) onder 22 persent daal, die steenkool ontvlugtig is. Ongeveer 27 persent van die gevalle in die Onder-No 4-laag in hierdie omgewing is dus ontvlugtig. Die No 5-laag is ontvlugtig as die vlugstofinhoud onder 30 persent daal. Slegs 12 persent van die gevalle is dus ontvlugtig.

FIG. 3.38 Variasiedigram van
ROV(MAX) TEENOOR DOLERIETFAKTOR




FIG. 3.39 Variasiediagram van
ROV (MAX) TEENOR DOLERIETFAKTOR A





FIG. 3.40 Normaal-waarskynlikheidsgrafiek van vlugstofinhoud



3.5 KOMBINERING VAN EIENSKAPPE

Aangesien eienskappe soos hittewaarde en vlugstofinhoud deur tipe, rang en graad beïnvloed word, is dit vanselfsprekend dat nie een van die eienskappe as sulks die verskillende lae ten volle kan onderskei nie. Die resolusie tussen die verskillende lae verbeter indien twee eienskappe op loodregte asse teenoor mekaar geteken word (Figs. 3.41 tot 3.47). Die beste skeiding tussen die Onder-No 4-laag en No 5-laag word waarskynlik verkry deur die vlugstofinhoud teenoor hittewaarde te stip. Die No 2-laag oorvleuel egter soveel met beide die Onder-No 4- en No 5-laag dat dit nie as 'n groep herkenbaar is nie.

Die gedagte ontstaan dus dat indien meer eienskappe (en dus meer dimensies) gebruik word, die resolusie mag verbeter. Sodra meer as twee dimensies voorgestel moet word, ontstaan 'n probleem. Daar bestaan egter rekenaarprosedures wat in staat is om sulke meervoudige regressies uit te voer en die resultate te reduceer na twee dimensies. Aangesien die voorstelling van feite nie 'n probleem is nie, kan enige steenkool- of geologiese eienskappe wat onderskeidingspotensiaal het, gebruik word. In hoofstuk 4 word hierdie onderwerp breedvoerig bespreek.

FIG. 3.41 Variasiediagram van
ASINHOUD TEENOR HITTEWAARDE




FIG. 3.42 Variasiediagram van
ASINHOUD TEENOR HITTEWAARDE (D.A.V.)




FIG. 3.43 Variasiedigram van
ASINHOUD TEENOOR VLUGSTOFINHOUD




FIG. 3.44 Variasiediagram van
ASINHOUD TEENOR VLUGSTOFINHOUD (D.A.V.)




FIG. 3.45 Variasiediagram van
VLUGSTOFINHOUD TEENOR HITTEWAARDE




FIG. 3.46 Variasiediagram van
VLUGSTOFINHOUD (D.A.V.) TEENoor HITTEWAARDE (D.A.V.)





FIG. 3.47 Variasiediagram van
WATERSTOF TEENoor KOOLSTOF
WAARDES VANAF FORMULES VAN SNYMAN ET. AL.(1983)



4. KORRELASIE MET BEHULP VAN DISKRIMINANTANALISE

4.1 INLEIDING TOT DISKRIMINANTANALISE

Diskriminantanalise op die skaal wat hier gebruik word, is iets wat waarskynlik nie met die hand gedoen sal word nie en daarom sal die betrokke teorie bespreek word tot op 'n vlak wat nodig is om die rekennaarafvoer sinvol te kan interpreteer. Daar bestaan verskeie programmatuurpakkette wat diskriminantanalises kan doen. In hierdie verhandeling is van SAS gebruik gemaak, hoofsaaklik omdat dit sover bekend die enigste pakket is wat toets vir die homogeniteit van die kovariansiematriks en wat kwadratiese diskriminantfunksies kan skep. (Ray, 1982; Norman, 1970)

Diskriminalise het ten doel om te onderskei tussen twee of meer groepe van entiteite. Om groepe te skei, word gebruik gemaak van diskriminerende eienskappe of veranderlikes wat op elk van die groepe gemeet word. Enige veranderlike ten opsigte waarvan groepe verskil, kan gebruik word. Alle moontlike veranderlikes kan voorsien word en slegs dié wat bydra tot diskriminasie sal in die model gebruik word.

Die proses van diskriminantanalise kan in 'n heel vereenvoudigde vorm soos volg beskou word: Veronderstel dat die veranderlikes elk 'n dimensie verteenwoordig waarlangs daar 'n variasie voorkom. Neem die eenvoudige hipotetiese geval met slegs drie veranderlikes wat ortogonaal varieer naamlik in die X-, Y- en Z- rigtings. 'n Enkele voorkoms vorm 'n punt in hierdie ruimte. Wanneer 'n populasie van dieselfde groep saam beskou word, ontstaan 'n driedimensionele volume waarin die populasie van die groep kan voorkom. As twee of meer groepe gelyktydig beskou word, mag daar 'n mate van oorvleueling wees wanneer dit loodreg op een van die vlakke (X-Y, X-Z, Y-Z) in twee dimensies beskou word. Die ideaal is egter om die verskille in twee dimensies te definieer sodat dit op papier uitgebeeld kan word. Indien 'n

mens hierdie driedimensionele ruimte in die hand kon neem en dit roteer na willekeur, sou daar 'n optimum onderskeid tussen die groepe ontstaan langs 'n sekere rigting wat 'n kombinasie van die X-, Y- en Z-rigtings mag wees. Deur hierdie ruimte te roteer, word daar effektief 'n tweedimensionele vlak geskep wat die verskille die beste uitbeeld. Die proses van diskriminant-analise doen min of meer dieselfde op 'n wiskundige manier. Dit kan enige aantal veranderlikes ontleed en daaruit slegs twee loodregte asse skep deur die kombinerings van al die veranderlikes waarlangs die verskille tussen die groepe die beste uitgebeeld word. Die twee asse is dus twee lineêre kombinasies van die veranderlikes.

Uit geometriese oorwegings is die grootste aantal funksies (asse) wat geskep word, een minder as die aantal groepe of gelyk aan die aantal veranderlikes wat beskikbaar is, watter ookal die kleinste mag wees. Hierdie feit spruit uit die beginsel dat twee punte in die ruimte 'n (eendimensionele) lyn definieer en drie punte 'n (tweedimensionele) vlak.

In die klassifikasieproses word 'n observasie geplaas in die groep vanwaar dit die kleinste veralgemeende kwadraatafstand het. Die voorafwaarskynlikheid van passing word ook in ag geneem. Die waarskynlikheid van passing in 'n bepaalde groep is hier gelyk gestel aan die grootte van die populasie in elke groep.

Die veralgemeende kwadraatafstand van x na groep t is

$$Dt^2(x) = g_1(x,t) + g_2(t)$$

met:

$$g_1(x,t) = (x - mt)' S^{-1} t(x - mt) + \log_e |StI|$$

as die binnegroep kovariansiematriks gebruik word,

$$g1(x,t) = (x-mt)' S^{-1}(x-mt)$$

as die saamgegroepeerde kovariansiematriks gebruik word,

$g2(t) = -2\ln(qt)$ as die waarskynlikhede nie gelyk is nie, en

$g2(t) = 0$ as die waarskynlikhede gelyk is.

waar t = voetskrif om 'n groep aan te dui
 St = die binnegroep kovariansiematriks vir groep t
 $|St|$ = die determinant van St
 S = die saamgegroepeerde kovariansiematriks
 x = 'n vektor wat die veranderlikes van 'n observasie bevat
 m = vektor met die gemiddeldes van die veranderlikes in groep t
 qt = die voorafwaarskynlikheid van passing by groep t

Die diskriminerende eienskap van elk van die veranderlikes word in SAS gemeet deur parameters soos:

R2:** Bereken as die som van die regressies van die kwadrate van die betrokke veranderlike ten opsigte van al die ander veranderlikes. Hierdie syfer dui effektief aan watter fraksie van die variasie tussen die groepe deur die betrokke veranderlike verklaar word. Die verhouding kan na 'n persentasie omgeskakel word deur met 100 te vermenigvuldig. Omdat die R**2-syfer vir elk van die veranderlikes afsonderlik bereken word, sal die fraksies nie optel na een nie.

F-faktor (ook bekend as die F-statistiek): Word bereken as die som van die regressies van die kwadrate gedeel deur die som van die regressies van die kwadrate van die verskil. Hierdie syfer is verwant aan die

R²-syfer, maar hier word die addisionele bydrae tot diskriminasie as gevolg van die betrokke veranderlike uitgebeeld. Die syfer het geen eenhede nie en enige veranderlike met 'n syfer groter as 10 kan beskou word as 'n diskriminerende eienskap. Daar is egter geen reël wat bepaal wanneer 'n eienskap nie meer bruikbaar is nie.

Kanoniese korrelasie: 'n Maatstaf van die assosiasie tussen die veranderlike wat beoordeel word en die oorblywende veranderlikes van die betrokke groep.

In die berekening van die klassifikasiekriterium kan gebruik gemaak word van die individuele binnegroep kovariansiematrikse of die saamgegroepeerde kovariansiematriks. Die SAS-program "DISCRIM" kan toets vir die homogeniteit van die binnegroep kovariansiematriks en indien dit nie homogeen is nie, sal die program outomaties die binnegroep kovariansiematriks gebruik. In die betrokke geval was die binnegroep kovariansiematriks nie homogeen nie, en die probleem ontstaan dat wanneer die binnegroep kovariansiematriks gebruik word, die diskriminantfunksies nie bereken word nie. Die klassifikasieresultaat wat met die verskillende matrikse verkry is, is egter byna identies en ter wille van verkryging van die klassifikasiefunksies is dus gebruik gemaak van die saamgegroepeerde kovariansiematrikse. Indien 'n program in die toekoms vrygestel word wat klassifikasiefunksies kan bereken op grond van die binnegroep kovariansiematriks, sal dit egter verkieslik wees.

Die rekenaarprosedure kan die veranderlikes een vir een hanteer; die veranderlike met die sterkste onderskeidende eienskap word eerste in die model ingebou. Die onderskeidingspotensiaal word weer bereken op die oorblywende veranderlikes en die een met die tweede sterkste onderskeiding word dan ingewerk. Na die inbou van elke veranderlike word die diskriminasie terugwerkend gemeet in die vorm van die F-statistiek vir onttrekking soos gemeet teen die ander veranderlikes wat reeds ingebou is. Enige veran-

derlike wat nie meer 'n positiewe bydrae lewer nie word verwyder. Die aantal veranderlikes wat ingebou moet word, kan beperk word. Indien geen perk gestel word nie, sal alle veranderlikes wat enigsins 'n bydrae lewer, ingewerk word. Hier moet egter diskressie aan die dag gelê word want statisties sal omtrent enige veranderlike 'n onderskeidingspotensiaal hê, bloot as gevolg van die natuurlike variasie in die data. Die waargenome variasie is dus nie noodwendig 'n tipiese onderskeidende kenmerk nie.

In bogenoemde proses ontstaan lineêre kombinasies van die veranderlikes van die vorm:

$$D_i = d_{i1}Z_1 + d_{i2}Z_2 + \dots + d_{in}Z_n$$

waar D_i = gestandaardiseerde diskriminantstelling in die i 'de funksie

d = gewigsfaktor vir veranderlike n in die i 'de funksie.

n = die gestandaardiseerde waarde van die veranderlike n .

In die proses van diskriminantanalise word die gestandaardiseerde funksies bepaal. "Gestandaardiseerd" beteken dat oor die hele populasie van 'n veranderlike die gemiddelde nul is en die standaardafwyking gelyk is aan een (Till, 1974 p36). Die gestandaardiseerde diskriminantstelling (D_i) vir elke geval word bereken deur die gestandaardiseerde waardes van die veranderlikes met die koëffisient in die diskriminantfunksie te vermenigvuldig en die produkte op te tel. Die twee gestandaardiseerde asse word "KANONIESE ASSE" genoem en die $X - Y$ punte wat daarop geteken word, "KANONIESE VERANDERLIKES".


Deur die numeriese gemiddelde van die diskriminanttellings vir elke groep te bepaal, word 'n middelpunt langs elke kanoniese as verkry wat die mees waarskynlike posisie vir enige lid van die groep binne die diskrimintruimte is.

Die gestandaardiseerde diskriminantfunksiekoëffisiente is self van groot analitiese waarde. As die teken buite rekening gelaat word, gee die syfer 'n aanduiding van die relatiewe bydrae van

die betrokke veranderlike tot die diskriminantfunksie. Die teken dui eenvouding aan in watter rigting. Wanneer enkele gevalle hanteer word, is die gestandardiseerde waardes van min waarde en kan "nie-gestandardiseerde" koëffisiente gebruik word. Hierdie waardes vermenigvuldig met die veranderlike waarde gee 'n diskriminantstelling. Die byvoeging van 'n konstante om te kompenseer vir die globale gemiddelde lewer 'n diskriminantstelling identies aan die gestandariseerde diskriminantstelling. Dit moet hier opgemerk word dat die nie-gestandardiseerde koëffisiente nie die relatiewe bydrae van die veranderlike uitbeeld nie.

Deur die diskriminantstelling van elke geval in die twee funksies teenoor mekaar aan te teken, kan die mate van skeiding wat verkry word grafies voorgestel word. So 'n figuur is baie nuttig vir die bestudering van die groepmiddelpuntposisies en die mate van spreiding in elke groep. Buitelêers en anomale waardes kan ook baie maklik op die manier opgespoor word. As voorbeeld is 'n voorkoms van No 2-laag as No 5-laag gekorreleer (Fig. 4.1). Statisties-foutiewe korrelasies word aangedui met die waarskynlikheidssyfer van waar dit teoreties pas. Fig. 4.1 is die uitbeelding van die kanoniese asse met die data van blok D3 (Hoofstuk 4.4) daarop aangedui. Fig. 4.2 stel dieselfde data voor, maar die veranderlikes is een vir een gevarieer sodat die effek daarvan gesien kan word. Tabel 4.1 wys in nommervolgorde die hipotetiese eienskappe vir die Onder-No 4-laag wat op Fig. 4.2 geteken is. Die Onder-No 4 laag is gekies aangesien dit tussen die No 2- en No 5-lae voorkom en dikwels na beide kante oorvleuel.

FIG. 4.1 Kanoniese diskriminantfunksies
(Blok D3: dryffraksie by RD 1,60)




TABEL 4.1 HIPOTETIESE LAAGEIENSKAPPE OM NEIGING AAN TE DUI.
(Lees saam met Fig. 4.2)

NO	VERANDERLIKES							KANONIESE=	
	SEL	SD	OP	AS	VLUG	HW	H2O	KAN1	KAN2
(Onder-No 4-laag)									
1	1521	5	66	16	22	25	5	4.713	0.388
2	1521	4	66	16	22	25	5	3.15	0.314
3	1521	3	66	16	22	25	5	1.587	-0.325
4	1521	2	66	16	22	25	5	0.238	-0.68
5	1521	1	66	16	22	25	5	-1.538	-1.037
6	1521	.5	66	16	22	25	5	-2.32	-1.215
7	1480	5	66	16	22	25	5	5.469	-2.866
8	1500	5	66	16	22	25	5	5.100	-1.279
9	1540	5	66	16	22	25	5	4.363	1.895
10	1560	5	66	16	22	25	5	3.99	3.48
11	1580	5	66	16	22	25	5	3.625	5.06
12	1521	5	66	5	22	25	5	2.405	0.615
13	1521	5	66	8	22	25	5	3.035	0.55
14	1521	5	66	12	22	25	5	3.87	0.47
15	1521	5	66	12	5	25	5	5.459	-0.018
16	1521	5	10	16	5	25	5	3.895	0.199
17	1521	5	100	16	5	25	5	5.209	0.502
(No 2-laag)									
18	1496	1	82	11	26	27	4	-2.21	-3.244
19	1496	2	82	11	26	27	4	-0.647	-2.887
20	1496	3	82	11	26	27	4	0.951	-2.228
21	1520	1	82	11	26	27	4	-2.653	-1.339
22	1540	1	82	11	26	27	4	-3.022	0.248

LEGENDE VAN VERANDERLIKES

SEL	Elevasie van die steenkoollaag (m)
SD	Dikte van die steenkoollaag (m)
OP	Opbrengs by RD 1,6 (%)
AS	Persentasie as
VLUG	Persentasie vlugstofinhoud
HW	Hittewaarde (MJ/kg)
H2O	Persentasie vog

FIG. 4.2 Hipotetiese veranderlikes op kanoniese diskriminantfunksies



Op Fig. 4.2 kan gesien word dat, hoewel die laagdikte die sterkste onderskeidende eienskap is, 'n No 2-laag van 3 m dikte nogtans van 'n Onder-No 4-laag van 3 m dikte onderskei kan word (punte 20 en 3).

Die formules vir die berekening van die kanoniese diskriminant-tellings is van die vorm:

$$\text{KANx} = a.\text{SEL} + b.\text{SD} + c.\text{OP} + d.\text{AS} + e.\text{V} + f.\text{HW} + g.\text{H2O} + \text{K}$$

Die waardes van die koeffisiente a tot g word hier onder gelys teenoor die eienskap waarmee dit vermenigvuldig word.

EIENSKAP	KOËFFISIËNT	KAN1	KAN2
SEL [*]	a	-0.01843875	0.0793584086
SD	b	1.56299309	0.3556096431
OP	c	0.01460676	0.0033602689
AS	d	0.20982619	-.0206927603
V	e	-0.04602549	0.0238998140
HW	f	-0.01765746	-.1516571921
H2O	g	0.09787319	0.1721881942
	K	21.58709	-119.5831

* Kyk Tabel 4.1 vir verklarings van eienskappe.

Die program "DISCRIM" kan 'n verslag produseer van al die punte wat statisties verkeerd gekorreleer is. 'n Alternatiewe klassifikasie word terselfdertyd aangedui en die puntidentifikasie word ook gegee sodat die betrokke punt gekontroleer kan word.

Na voltooiing van diskriminantanalise moet die resultaat beoordeel word aan die hand van logiese en geologiese inligting. Dit is byvoorbeeld nie moontlik dat 'n boorgat twee No 2-lae, 30 m uitmekaar bevat nie al sou die statistiek dit wou "bewys".

4.2 DIE TOETSGBIED

Om 'n diskriminantanalise te kan uitvoer, moet gepoog word om die data vooraf in die regte groepe in te deel. In die betrokke geval is die drie hoofsteenkoollae dus voorlopig in groepe ingedeel. Om data te skeep wat as uitgangspunt kan dien, is 'n gedeelte van 25 km x 25 km van die studiegebied gekies waarin die datapunte nie verder as 1 km uitmekaar is nie. In feitlik al die boorgate is al drie die lae teenwoordig en die meeste beskik oor die volledige reeks analises. 'n Reeks profiele is kruis en dwars oor die gebied gekonstrueer en die sedimentêre eenhede bestudeer om die korrelasie van die lae te bepaal. Hoewel probleme soos wisseling in vloerelevasie, verplasing deur dolerietintrusies en ontvlugting van die lae voorgekom het, het daar genoeg addisionele inligting bestaan om die probleme te oorbrug en kon 'n betroubare korrelasie gedoen word. Die gebied is dus nie gekies in 'n area wat vry was van alle probleme nie maar wel waar die verspreiding van datapunte 'n goeie korrelasie moontlik maak.

Dit is 'n bekende feit dat die eienskappe van steenkool regionaal varieer. Om die area van verwantskap te definieer, is gebruik gemaak van die geostatistiese semi-variogram aangesien 'n suiwer statistiese proses soos diskriminantanalise nie die ruimtelike verhouding van die punte in ag kan neem nie. Die inligting wat uit die semi-variogramme verkry word, kan dan aangewend word om die datapunte op grond van fisiese plasing in kleiner groepies in te deel en die groepies een vir een te ontleed. Om kontinuïteit van een gebied na die volgende te verkry, is die gebiede oorvleuel. Datapunte binne 5 km vanaf die rand van die gebied word dus weer gebruik in die diskriminantanalise van die volgende blok.

4.3 GEOSTATISTIESE EVALUERING VAN DIE REGIONALE VARIASIE IN STEENKOOLEIENSKAPPE

Die teorie van geostatistiek is ontwikkel in die goudmynbedryf in 'n poging om die ertsgraad te voorspel in afsettings waar die graad baie varieer en ook verskillend varieer in verskillende rigtings (Rendu, 1978). Die klassieke benadering was om 'n waarde op 'n punt te voorspel deur 'n geweegde gemiddelde van 'n aantal punte om die onbekende te neem. Om sterker effek toe te ken aan die punte wat die naaste gelee is, is 'n gewigsfaktor toegeken, gebaseer op die omgekeerde van die afstand tussen die bekende punte en die een waar die waarde voorspel moet word. Die tekortkoming in die benadering is dat dit glad nie die onderlinge verhouding van die punte in ag neem nie. Hierdie metode van skatting sal dus presies dieselfde resultaat lewer of die bekende punte rondom die onbekende is en of almal aan die een kant gelee is.

In die suiwer statistiese benadering moet die populasie van waardes 'n spesifieke waarskynlikheidsdistribusie volg en die eerste benadering is gebaseer op 'n normaalverspreiding (Schumann, 1978). Sichel (1966) het gewerk met log-normale verspreidings en tabelle gepubliseer vir die berekening van lokale gemiddeldes tesame met sekerheidsgrense. Die betroubaarheid van die geskatte waarde is eweredig met die grootte van die steekproef (die aantal punte waarmee die onbekende geskat word). Indien die monsters by elk van die bekende punte dus 5 maal ontleed word, sal die geskatte waarde statisties verbeter omdat die afstand tussen die punte en hul relatiewe posisies nie in ag geneem word nie.

In die geostatistiese benadering word aanvaar dat waardes by punte verwant is en 'n neiging (drywing) mag toon. Die neiging kan benader word met 'n polinoom maar daar mag nog 'n ewekansige variasie om die neiging voorkom. Die grondliggende aannames is dus dat die verwantskap tussen punte afhang van die afstand en die rigting tussen die punte (Clark, 1979). Die verskil in waardes tussen punte kan nou op verskillende afstande bestudeer word. Indien

die verskil in waarde tussen pare punte op 'n vaste afstand geneem word, sal 'n frekwensie van variansies verkry word. Daar sal inderdaad so 'n frekwensieverspreiding ontstaan vir elke afstand in elke rigting oor die totale monsterruimte. Dit is 'n onbegonne taak om soveel frekwensiediagramme te bestudeer. Enige frekwensieverspreiding kan kortweg beskryf word deur sy gemiddelde of die variansie. Die volgende verbande ontstaan dan:

$$m(h) = \frac{1}{n} [g(x) - g(x+h)] \quad \text{----- (1)}$$

$$2G(h) = \frac{1}{n} [g(x) - g(x+h)]^2 \quad \text{----- (2)}$$

- waar $m(h)$ = gemiddelde verskil in graad op afstand h
 $2G(h)$ = variansie van $m(h)$ ("twee-gamma-h")
 h = afstand
 g = graad van die erts (of enige veranderlike)
 x = posisie van een monster
 $x+h$ = posisie van die tweede monster op afstand h vanaf x



Uit vergelyking 2 is dit duidelik dat die eenhede van die variansie die "veranderlike kwadraat" is.

Indien die variansie ($2G(h)$) teenoor die afstand (h) gestip word, word 'n variogram geskep en deur die semi-variensie ($G(h)$) teenoor afstand te stip, word 'n semi-variogram geskep. Die helfte van die variansie word geneem aangesien dit in die ideale geval afplat op 'n vlak wat gelyk is aan die gewone variansie van die waardes.

Die sferiese of Matheron-model is die ideale vorm van die semi-variogram (Fig. 4.3) en beteken vir geostatistiek wat die normaalverspreiding vir statistiek beteken. Die vergelyking van die sferiese model is:

$$G(h) = \frac{3h}{C(2a)} - \frac{h^3}{2 \cdot a^3} \quad \text{vir } h < a \quad \text{----- (3)}$$

FIG. 4.3 Ideale vorme van die semi-variogram



$$G(h) = C \quad \text{vir } h > a$$

met C = die waarde van $G(h)$ waar die kurwe afplat

a = die afstand waarby die kurwe afplat, bekend as die invloedssfeer. Dit is die afstand waarop monsters onafhanklik van mekaar word.

In die praktyk beteken "a" dat puntwaardes nie geskat kan word deur gebruik te maak van punte wat verder as "a" is nie.

Ander modelle van die semi-variogram sluit in:

Lineêre model : $G(h) = ph$ (met p die helling van die lyn)

Veralgemeende

lineêre model : $G(h) = ph^{\alpha}$ met $0 < \alpha < 2$

Eksponensiële

model : $G(h) = C[1 - \exp(-h/a)]$

Vergelyking 1 en 2 geld wanneer daar geen neiging (drywing) in die waardes is nie. 'n Neiging in die waardes word weerspieël in die semi-variogram wat parabolies vergroot in $G(h)$. Die waarde van veranderlikes hou dus net direk verband oor die afstand voor drywing intree.

Die variansie op afstand 0 m is noodwendig 0. (Dit blyk ook uit vergelyking 1 en 2.) Op 'n klein afstand word 'n variansie dikwels waargeneem. Wanneer die eerste paar punte op die eksperimentele semi-variogram teruggeprojekteer word, sny dit die $G(h)$ -as op 'n punt bokant 0. Dit beteken dat die veranderlike skielik spring oor 'n baie klein afstand. Hierdie verskynsel word die "klont-effek" genoem. Die betekenis van die klont-effek

kan maklik gevisualiseer word deur aan die elevasie van 'n steenkoollaag te dink. Die elevasie van die laag, 'n meter verder sal nagenoeg dieselfde wees, behalwe as daar 'n verskuiwing voorkom.

Eksperimentele semi-variogramme is geteken van al die veranderlikes wat in die diskriminasie gebruik word, om te bepaal hoe 'n groot gebied op 'n keer geëvalueer kan word. Verder is semi-variogramme in verskillende rigtings geteken. Daar is gevind dat die variansie in alle rigtings dieselfde is tot op die afstand waar daar drywing intree. Die semi-variogramme wat hier gegee word is dus in alle rigtings gelyktydig (globaal). Omdat datapunte nie eweredig versprei is nie, word in die skep van eksperimentele semi-variogramme 'n interval gegee en 'n sekere afwyking daarom word toegelaat. Vir hierdie ondersoek is die interval gestel op 1 000 m met 'n afwyking van 400 m na albei kante daarvan. As die afwyking baie klein gemaak word, is die punte wat geteken word baie onreëlmatig en ook op minder datapare gebaseer. Die betroubaarheid van die variansie is direk eweredig aan die aantal datapare waarop dit gebaseer is. As 'n semi-variensie wat op min datapare gebaseer is anomaal blyk te wees, mag dit raadsaam wees om dit te ignoreer en interpolasie of ekstrapolasie te doen vanaf die ander semi-variensies. Aangesien hier na die regionale aard van die veranderlikes gekyk word, is gevoel dat die intervale en resolusie voldoende is.

Op die eksperimentele semi-variogramme wat vervolgens gegee word, verskyn eerstens die grootte van die intervale (wat afwaarts groter word) en teenoor elke afstand die aantal pare waarop die berekening gebaseer is, die semi-variensie ($G(h)$) en dan 'n grafiese voorstelling van die semi-variensie by die betrokke afstand.

Die doel van die semi-variogramme is bloot om die afstand te bepaal waarvoor 'n eienskap verband hou met dieselfde eienskap in ander boorgate. Soortgelyke semi-variogramme is vir die No 2- en No 5-lae gekonstrueer en soortgelyke resultate is behaal. Die afstandverband wat vir die Onder-No 4-laag gevind is, word in Tabel 4.2 opgesom.

TABEL 4.2 AFSTAND VAN VERBAND VAN VERSKILLENDE GEOLOGIESE EN STEENKOOLEIENSKAPPE NA AANLEIDING VAN SEMI-VARIOGRAMME.

Eienskappe is vir die dryffraksie by RD 1,6 met dié vir ru-steen-kool tussen hakies.

EIENSKAP	AFSTAND (km)
vloerelevasie	14
vloerelevasie (skynbare dikte van doleriet afgetrek)	14
laagdikte	20
laagdikte (slegs monsters met minder as 35 persent as)	16
asinhoud	22 (15)
opbrengs by RD 1,6	19
hittewaarde	16 (13)
voginhoud	14 (16)
vlugstofinhoud	11 (15)

Die gemiddelde afstand vir die dryffraksie by RD 1,6 is 16,22 km. Om aan die veilige kant te bly, is 'n afstand van 15 km as 'n eenheid geneem.

SEMI-VARIOGRAM: VLOERELEVASIE VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VAN SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0 m
AFWYKING OM INTERVAL : 400.0 m
RIGTING : globaal

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	--- EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM ---	
			---- G(h) in meter kwadraat -----	
200.0	25	105.1	o*	o
1000.0	725	78.5	o*	o
2000.0	1241	103.2	o*	o
3000.0	1739	140.7	o *	o
4000.0	2178	190.5	o *	o
5000.0	2526	247.8	o *	o
6000.0	2762	306.2	o *	o
7000.0	2930	376.9	o *	o
8000.0	3093	442.6	o *	o
9000.0	3231	491.5	o *	o
10000.0	3173	539.1	o *	o
11000.0	3123	567.2	o *	o
12000.0	3050	620.6	o *	o
13000.0	2904	668.7	o *	o
14000.0	2728	733.7	o *	o
15000.0	2531	830.5	o *	o
16000.0	2331	924.9	o *	o
17000.0	2126	1050.7	o *	o
18000.0	1869	1199.1	o *	o
19000.0	1595	1384.8	o *	o
20000.0	1398	1636.3	o *	o
21000.0	1144	1853.5	o *	o
22000.0	958	2027.2	o *	o
23000.0	805	2237.9	o *	o
24000.0	655	2480.7	o *	o

Die kurwe dui op 'n lineêre verband tot op 'n afstand van 14 000 m waarna daar 'n komponent van drywing teenwoordig is. Punte wat meer as 14 km van mekaar is, moet dus nie direk in verband gebring word nie. Die eerste punt op die semi-variogram is op slegs 25 pare gebaseer en het dus baie minder waarde as die ander. Indien hierdie punt uitgelaat word en die semi-variensie word teruggeëkstrapoleer, is daar by 0 m nog 'n skynbare G(h) van 50 m². Hier is dus 'n klont-effek van 50 m². Die variansie is dus 100 m² en die fisiese elevasiesprong 10 m (vierkantswortel van variansie).

 SEMI-VARIOGRAM: VLOERELEVASIE SONDER DOLERIETE VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

```

-----
INTERVAL                : 1000.0
AFWYKING OM DIE INTERVAL : 400.0
RIGTING                 : GLOBAAL
*****
  
```

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	----- G(h) in meter kwadraat -----
200.0	25	224.6	o * o
1000.0	725	102.8	o * o
2000.0	1241	131.4	o * o
3000.0	1739	158.4	o * o
4000.0	2178	199.3	o * o
5000.0	2526	251.4	o * o
6000.0	2762	302.6	o * o
7000.0	2930	358.1	o * o
8000.0	3093	403.3	o * o
9000.0	3231	431.3	o * o
10000.0	3173	484.9	o * o
11000.0	3123	495.1	o * o
12000.0	3050	542.1	o * o
13000.0	2904	583.7	o * o
14000.0	2728	643.5	o * o
15000.0	2531	738.9	o * o
16000.0	2331	810.5	o * o
17000.0	2126	926.4	o * o
18000.0	1869	1056.0	o * o
19000.0	1595	1201.6	o * o
20000.0	1398	1425.8	o * o
21000.0	1144	1602.2	o * o
22000.0	958	1762.5	o * o
23000.0	805	1975.7	o * o
24000.0	655	2261.8	o * o

Die kurwe dui op 'n lineêre verband tot op 'n afstand van 14 000 m waarna daar drywing teenwoordig is. Die groter klont-effek by die oorsprong dui daarop dat slegs 'n gedeelte van die dolerietintrusies werklik verwyder is. Die voorspelbaarheid van die vloerelvasie van die steenkoollaag het dus verswak met die poging om die dolerietintrusies te elimineer.

 SEMI-VARIOGRAM: TOTALE DIKTE VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING ON INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM
			----- G(h) in m kwadraat -----
200.0	25	1.1	o * o
1000.0	725	.8	o * o
2000.0	1241	.8	o * o
3000.0	1739	1.0	o * o
4000.0	2178	1.1	o * o
5000.0	2526	1.3	o * o
6000.0	2762	1.4	o * o
7000.0	2930	1.6	o * o
8000.0	3093	1.7	o * o
9000.0	3231	1.8	o * o
10000.0	3173	2.0	o * o
11000.0	3123	2.2	o * o
12000.0	3050	2.4	o * o
13000.0	2904	2.5	o * o
14000.0	2728	2.7	o * o
15000.0	2531	2.8	o * o
16000.0	2331	2.9	o * o
17000.0	2126	3.0	o * o
18000.0	1869	3.0	o * o
19000.0	1595	3.1	o * o
20000.0	1398	3.0	o * o
21000.0	1144	3.1	o * o
22000.0	958	3.1	o * o
23000.0	805	2.9	o * o
24000.0	655	2.8	o * o

Hierdie kurwe is tipies van 'n sferiese model. Punte hou verband tot 19 km. As die eerste paar punte op die semi-variogram geïgnoreer word en die stabiele kurwe teruggeëkstrapoleer word, word 'n klont-effek van 0.5 m² verkry. Dit het die implikasie dat die dikte 1.00 m kan wissel op kort afstand. Die rede hiervoor mag wees dat dolerietintrusies die steenkoollaag binnedring en gedeeltelik verplaas het.

 SEMI-VARIOGRAM: DIKTE (SLEGS MONSTERS MET ASINHOUD <35)
 VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM DIE INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM
			----- G(h) in m kwadraat -----
200.0	25	.5	o * o
1000.0	725	.7	o * o
2000.0	1241	.8	o * o
3000.0	1739	.8	o * o
4000.0	2178	.9	o * o
5000.0	2526	1.1	o * o
6000.0	2762	1.2	o * o
7000.0	2930	1.4	o * o
8000.0	3093	1.5	o * o
9000.0	3231	1.7	o * o
10000.0	3173	1.9	o * o
11000.0	3123	2.0	o * o
12000.0	3050	2.2	o * o
13000.0	2904	2.3	o * o
14000.0	2728	2.4	o * o
15000.0	2531	2.4	o * o
16000.0	2331	2.5	o * o
17000.0	2126	2.5	o * o
18000.0	1869	2.5	o * o
19000.0	1595	2.5	o * o
20000.0	1398	2.4	o * o
21000.0	1144	2.2	o * o
22000.0	958	2.1	o * o
23000.0	805	2.2	o * o
24000.0	655	2.0	o * o

Deur hierdie semi-variogram te vergelyk met die een vir totale laagdikte, sal opgemerk word dat die klonteffek asook die semi-variensie deurgaans verlaag. Deur die monsters uit te skakel wat meer as 35 persent as bevat, is 'n meer stabiele veranderlike verkry.

 SEMI-VARIOGRAM: HITTEWAARDE (MJ/kg) VAN ONDER-NO 4-LAAG (RU STEENKOOL)

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM
			----- G(h) in (MJ/kg) kwadraat-----
200.0	25	2.9	o * o
1000.0	725	2.1	o * o
2000.0	1241	2.4	o * o
3000.0	1739	2.3	o * o
4000.0	2178	2.5	o * o
5000.0	2526	2.7	o * o
6000.0	2762	2.7	o * o
7000.0	2930	2.6	o * o
8000.0	3093	2.9	o * o
9000.0	3231	2.9	o * o
10000.0	3173	3.0	o * o
11000.0	3123	3.2	o * o
12000.0	3050	3.1	o * o
13000.0	2904	3.2	o * o
14000.0	2728	3.3	o * o
15000.0	2531	3.1	o * o
16000.0	2331	3.3	o * o
17000.0	2126	3.3	o * o
18000.0	1869	3.2	o * o
19000.0	1595	3.2	o * o
20000.0	1398	3.2	o * o
21000.0	1144	2.9	o * o
22000.0	958	3.0	o * o
23000.0	805	3.1	o * o
24000.0	655	3.2	o * o

Die afplating op ongeveer 13 km dui op 'n verband tot op daardie afstand, maar die klont-effek van 1.8 (MJ/kg)^2 impliseer dat nagenoeg 56 persent ($1.8/3.2 \times 100$) van die wisseling in die hittewaarde totaal onvoorspelbaar is. Die hittewaarde is op grond hiervan nie 'n stabiele eienskap waarop peil getrek kan word nie.

 SEMI- VARIOGRAM: PERSENTASIE VOGINHOUD VAN ONDER-NO 4-LAAG
 (RU-STEENKOOL)

SPESIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM----- ----- G(h) in persentasie kwadraat----
200.0	25	.7	o * o
1000.0	725	1.0	o * o
2000.0	1241	.9	o * o
3000.0	1739	1.0	o * o
4000.0	2178	1.1	o * o
5000.0	2526	1.2	o * o
6000.0	2762	1.3	o * o
7000.0	2930	1.4	o * o
8000.0	3093	1.5	o * o
9000.0	3231	1.6	o * o
10000.0	3173	1.7	o * o
11000.0	3123	1.7	o * o
12000.0	3050	1.8	o * o
13000.0	2904	1.8	o * o
14000.0	2728	1.8	o * o
15000.0	2531	1.9	o * o
16000.0	2331	1.9	o * o
17000.0	2126	1.9	o * o
18000.0	1869	1.8	o * o
19000.0	1595	1.7	o * o
20000.0	1398	1.7	o * o
21000.0	1144	1.6	o * o
22000.0	958	1.7	o * o
23000.0	805	1.6	o * o
24000.0	655	1.5	o * o

Die kurwe dui op 'n verband tot op 16 km.

 SEMI-VARIOGRAM: PERSENTASIE ASINHOUD VAN ONDER-NO 4-LAAG
 (RU-STEENKOOL)

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	SEMI-VARIOGRAM
200.0	25	8.0	o * o
1000.0	725	14.6	o * o
2000.0	1241	14.1	o * o
3000.0	1739	16.1	o * o
4000.0	2178	17.1	o * o
5000.0	2526	17.8	o * o
6000.0	2762	18.0	o * o
7000.0	2930	19.6	o * o
8000.0	3093	21.4	o * o
9000.0	3231	22.9	o * o
10000.0	3173	24.2	o * o
11000.0	3123	24.9	o * o
12000.0	3050	25.6	o * o
13000.0	2904	26.3	o * o
14000.0	2728	27.2	o * o
15000.0	2531	27.2	o * o
16000.0	2331	26.5	o * o
17000.0	2126	28.1	o * o
18000.0	1869	26.4	o * o
19000.0	1595	26.3	o * o
20000.0	1398	27.6	o * o
21000.0	1144	28.6	o * o
22000.0	958	33.8	o * o
23000.0	805	35.3	o * o
24000.0	655	38.5	o * o

Hierie kurwe is kompleks en waarskynlik 'n samestelling van verskeie modelle. Belangrik is egter die feit dat daar 'n verband bestaan tot ongeveer 15 km.

 SEMI-VARIOGRAM: PERSENTASIE VLUGSTOF VAN ONDER-NO 4-LAAG
 (RU-STEENKOOL)

SPESIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

 INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM
			----- G(h) in persentasie kwadraat -----
200.0	25	14.6	o * o
1000.0	725	20.4	o * o
2000.0	1241	20.3	o * o
3000.0	1739	21.8	o * o
4000.0	2178	22.1	o * o
5000.0	2526	22.1	o * o
6000.0	2762	23.1	o * o
7000.0	2930	23.6	o * o
8000.0	3093	24.8	o * o
9000.0	3231	25.3	o * o
10000.0	3173	27.2	o * o
11000.0	3123	27.0	o * o
12000.0	3050	27.3	o * o
13000.0	2904	28.3	o * o
14000.0	2728	27.2	o * o
15000.0	2531	29.4	o * o
16000.0	2331	31.4	o * o
17000.0	2126	34.9	o * o
18000.0	1869	36.4	o * o
19000.0	1595	38.2	o * o
20000.0	1398	40.4	o * o
21000.0	1144	41.1	o * o
22000.0	958	37.2	o * o
23000.0	805	36.0	o * o
24000.0	655	35.2	o * o

 Hierdie is moontlik 'n kombinasie van verskeie modelle. Daar bestaan 'n klont-effek van ongeveer 10 (persent)². Dit impliseer dat daar by die skat van die vlugstofinhoud nog altyd 'n onsekerheid van 4.47 persent $\sqrt{(2 \times 10)}$ is. Dolerietintrusie mag hiervoor verantwoordelik wees.

 SEMI-VARIOGRAM: OPBRENGS VAN DRYFFRAKSIE BY RD 1,6
 VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

 INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM
			----- G(h) in persentasie kwadraat --
200.0	4	22.1	o * o
1000.0	232	72.1	o * o
2000.0	332	80.1	o * o
3000.0	414	96.7	o * o
4000.0	501	103.1	o * o
5000.0	575	120.6	o * o
6000.0	607	137.3	o * o
7000.0	593	146.3	o * o
8000.0	543	156.9	o * o
9000.0	607	167.5	o * o
10000.0	592	179.0	o * o
11000.0	550	191.9	o * o
12000.0	571	198.6	o * o
13000.0	631	225.4	o * o
14000.0	592	223.0	o * o
15000.0	522	214.7	o * o
16000.0	483	221.1	o * o
17000.0	528	232.0	o * o
18000.0	486	241.3	o * o
19000.0	400	261.3	o * o
20000.0	335	238.4	o * o
21000.0	277	273.2	o * o
22000.0	245	251.5	o * o
23000.0	234	277.5	o * o
24000.0	163	305.6	o * o

Die verband is stabiel tot 'n afstand van 19 km.

 SEMI-VARIOGRAM: HITTEWAARDE VAN DRYFFRAKSIE BY RD 1,6
 VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

 INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM
			----- G(h) in MJ/kg kwadraat -----
200.0	4	.2	o * o
1000.0	232	.9	o * o
2000.0	332	1.7	o * o
3000.0	414	1.1	o * o
4000.0	501	1.1	o * o
5000.0	575	1.3	o * o
6000.0	607	1.5	o * o
7000.0	593	1.2	o * o
8000.0	543	1.0	o * o
9000.0	607	1.1	o * o
10000.0	592	1.2	o * o
11000.0	550	1.6	o * o
12000.0	571	2.1	o * o
13000.0	631	1.8	o * o
14000.0	592	2.4	o * o
15000.0	522	2.6	o * o
16000.0	483	2.3	o * o
17000.0	528	3.0	o * o
18000.0	486	4.0	o * o
19000.0	400	3.1	o * o
20000.0	335	3.0	o * o
21000.0	277	3.8	o * o
22000.0	245	3.7	o * o
23000.0	234	3.1	o * o
24000.0	163	4.0	o * o

Hoewel die kurwe baie onreëlmatig is, bestaan daar tog 'n verband tot 'n afstand van 17 km wat op 'n beter verband dui as vir ru-steenkool.

 SEMI-VARIOGRAM: ASINHOUD VAN DRYFRAKSIE BY RD 1,6
 VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0 m
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0 m
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM	----- ----- G(h) in persentasie kwadraat --
200.0	4	.6	I *	I
1000.0	232	3.2	I	I *
2000.0	332	3.7	I	I *
3000.0	414	3.7	I	I *
4000.0	501	3.4	I	I *
5000.0	575	3.4	I	I *
6000.0	607	4.5	I	I *
7000.0	593	4.2	I	I *
8000.0	543	4.3	I	I *
9000.0	607	4.1	I	I *
10000.0	592	5.3	I	I *
11000.0	550	6.1	I	I *
12000.0	571	5.7	I	I *
13000.0	631	6.2	I	I *
14000.0	592	6.5	I	I *
15000.0	522	6.3	I	I *
16000.0	483	6.7	I	I *
17000.0	528	7.2	I	I *
18000.0	486	7.7	I	I *
19000.0	400	7.1	I	I *
20000.0	335	8.0	I	I *
21000.0	277	7.5	I	I *
22000.0	245	9.1	I	I
23000.0	234	9.5	I	I
24000.0	163	11.4	I	I

Afgesien van die effense afplattung by 3 km bestaan daar 'n goedgedefinieerde verband tot 22 km.

 SEMI-VARIOGRAM: VOGINHOUD VAN DRYFFRAKSIE BY RD 1,6
 VAN ONDER-NO 4-LAAG

SPEKIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0 m
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0 m
 RIGINT : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM	-----
				----- G(h) in persentasie kwadraat--
200.0	4	.4	I *	I
1000.0	232	.6	I *	I
2000.0	332	.8	I *	I
3000.0	414	.8	I *	I
4000.0	501	.8	I *	I
5000.0	575	.9	I *	I
6000.0	607	1.1	I *	I
7000.0	593	1.2	I *	I
8000.0	543	1.5	I *	I
9000.0	607	1.5	I *	I
10000.0	592	1.7	I *	I
11000.0	550	1.9	I *	I
12000.0	571	2.0	I *	I
13000.0	631	2.3	I *	I
14000.0	592	2.1	I *	I
15000.0	522	2.1	I *	I
16000.0	483	2.0	I *	I
17000.0	528	1.9	I *	I
18000.0	486	1.7	I *	I
19000.0	400	1.4	I *	I
20000.0	335	1.5	I *	I
21000.0	277	1.6	I *	I
22000.0	245	1.5	I *	I
23000.0	234	1.6	I *	I
24000.0	163	1.9	I *	I

Die kurwe plat af op ongeveer 14 km.

 SEMI-VARIOGRAM: VLUGSTOFINHOUD VAN DRYFFRAKSIE BY RD VAN 1,6 VAN
 ONDER-NO 4-LAAG

SPESIFIKASIES VIR DIE SEMI-VARIOGRAM

INTERVAL : 1000.0
 AFWYKING OM INTERVAL : 400.0
 RIGTING : GLOBAAL

INTERVAL	AANTAL PARE	SEMI-VARIANSIE G(h)	EKSPERIMENTELE SEMI-VARIOGRAM
			--- G(h) in persentasie kwadraat ---
200.0	4	.8	o * o
1000.0	232	21.5	o * o
2000.0	332	21.0	o * o
3000.0	414	21.6	o * o
4000.0	501	20.0	o * o
5000.0	575	22.3	o * o
6000.0	607	24.0	o * o
7000.0	593	20.7	o * o
8000.0	543	24.6	o * o
9000.0	607	23.2	o * o
10000.0	592	25.8	o * o
11000.0	550	26.7	o * o
12000.0	571	29.8	o * o
13000.0	631	33.6	o * o
14000.0	592	37.7	o * o
15000.0	522	35.4	o * o
16000.0	483	34.5	o * o
17000.0	528	32.8	o * o
18000.0	486	33.9	o * o
19000.0	400	35.1	o * o
20000.0	335	37.2	o * o
21000.0	277	29.8	o * o
22000.0	245	35.3	o * o
23000.0	234	36.0	o * o
24000.0	163	38.8	o * o

Die beperkte aantal eksperimentele semi-variensies naby die oorsprong gee aanleiding tot die skielike sprong in semi-variensie tussen die oorsprong en 1 km. 'n Sferiese model kan gepas word wat afplat op 3 000 m. Die skielike styging by 9 000 m mag die gevolg wees van drywing of 'n tweede model. Die verklaring hiervoor mag ook 'n geologiese verskynsel met 'n 9 000 m bestek wees.

4.4 DISKRIMINANTANALISE, ANALISEREND AANGEWEND

As gevolg van die regionale variasie soos hierbo aangedui, kan 'n steenkoollaag nie deur 'n enkele formule gekarakteriseer word nie. Nadat die gebied in blokke ingedeel is, kan die eienskappe binne die blokke bestudeer word, maar die geologiese- en steenkooleienskappe wat beskikbaar is, het nie almal dieselfde onderskeidingsmag nie. Dit mag selfs gebeur dat die ordegrootte van een eienskap of die kombinasie van verskeie eienskappe 'n ander eienskap totaal nutteloos maak. Ter wille van vergelykbaarheid en eenvoud is 'n verteenwoordigende stel eienskappe wat dwarsdeur die studiegebied gebruik kan word dus verkieslik. Vir hierdie doel is gebruik gemaak van 'n stapsgewyse diskriminantanalise. Die stapsgewyse diskriminantanalise bereken die onderskeidingsvermoë van elk van die veranderlikes as R^2 en die F-statistiek soos reeds uiteengesit, asook die waarskynlikheid om 'n F-statistiek te kry wat groter is as die berekende. Prakties beteken dit dat as die waarskynlikheid groter word as die F-statistiek self, die F-statistiek en dus die veranderlike geen onderskeidingsmag het nie. 'n Model word geskep deur telkens die veranderlike met die hoogste F-statistiek toe te laat. Die onderskeidingsvermoë van die oorblywende veranderlikes word dan herbereken en die proses herhaal totdat die onderskeidingsvermoë so swak is dat dit nie meer toelating regverdig nie. Enkele voorbeelde uit die studiegebied word in Tabelle 4.3 tot 4.8 opgesom. Hier kan gesien word hoedat die onderskeidingspotensiaal van verskillende eienskappe verskil van gebied tot gebied.

Die onderskeidingsmag van die verskillende veranderlikes wissel aansienlik van een gebied na 'n ander en nie een van die veranderlikes kan totaal uitgelaat word nie. Dit skep egter geen probleem as veranderlikes met geen onderskeidingsmag voorsien word nie, aangesien sulke veranderlikes nie in die diskriminant-funksie verteenwoordig word nie.

TABEL 4.3 STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN RU-STEENKOOL:
KROMKRANS-OMGEWING

LAAG	FREKWENSIE	% FREKWENSIE
2	56	16.7
4	213	63.7
5	65	19.6

VERANDERLIKE	VERKLARING VAN KODE
SEL	Vloerelevasie van steenkoollaag.
SD	Laagdikte
OP	Opbrengs by RD 1,6
HW	Hittewaarde
AS	Asinhoud
V	Vlugstofinhoud
H2O	Voginhoud

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 1

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SEL	0.2831	65.362	0.0001
SD	0.1029	18.978	0.0001
HW	0.0360	6.187	0.0023
AS	0.0739	13.212	0.0001
V	0.0318	5.441	0.0047
H2O	0.0015	0.253	0.7769

VERANDERLIKE SEL SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 2

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SD	0.0671	11.864	0.0001
HW	0.0530	9.231	0.0001
AS	0.1070	19.779	0.0001
V	0.0510	8.867	0.0002
H2O	0.0005	0.090	0.9136

VERANDERLIKE AS SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 3

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SD	0.0916	16.589	0.0001
HW	0.0048	0.794	0.4527
V	0.0033	0.541	0.5826
H2O	0.0095	1.570	0.2095

VERANDERLIKE SD SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 4

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0024	0.401	0.6702
V	0.0034	0.558	0.5727
H2O	0.0148	2.471	0.0860

VERANDERLIKE H2O SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 5

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0027	0.441	0.6435
V	0.0033	0.537	0.5849

GEEN VERANDERLIKES KAN TOEGELAAT WORD NIE

STAPSGEWYSE SELEKSIE: OPSOMMING

VERANDERLIKE	TOELATING	R**2	F-STATISTIEK
SEL	1	0.2831	65.362
AS	2	0.1070	19.779
SD	3	0.0916	16.589
H2O	4	0.0148	2.471

TABEL 4.4 STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN RU-STEENKOOL:
BETHAL-OMGEWING

LAAG	FREKWENSIE	% FREKWENSIE
2	142	17.1
4	383	46.3
5	301	36.4

VERANDERLIKE	VERKLARING VAN KODE
SEL	Vloerelevasie van steenkoollaag
SD	Laagdikte
OP	Opbrengs by RD 1,6
HW	Hittewaarde
AS	Asinhoud
V	Vlugstofinoud
H2O	Voginhoud

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 1

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SEL	0.4855	388.306	0.0001
SD	0.5771	561.612	0.0001
HW	0.2385	128.853	0.0001
AS	0.1642	80.850	0.0001
V	0.2708	152.800	0.0001
H2O	0.0345	14.721	0.0001

VERANDERLIKE SD SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 2

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SEL	0.4601	350.190	0.0001
HW	0.1108	51.230	0.0001
AS	0.1246	58.524	0.0001
V	0.1533	74.409	0.0001
H2O	0.0384	16.243	0.0001

VERANDERLIKE SEL SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 3

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.1134	52.516	0.0001
AS	0.1566	76.224	0.0001
V	0.2429	131.728	0.0001
H2O	0.0751	33.324	0.0001

VERANDERLIKE V SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 4

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0883	39.697	0.0001
AS	0.0914	41.245	0.0001
H2O	0.0252	10.597	0.0001

VERANDERLIKE AS SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 5

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0110	4.567	0.0107
H2O	0.0411	17.568	0.0001

VERANDERLIKE H2O SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 6

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0049	2.001	0.1359

VERANDERLIKE HW SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: OPSOMMING

VERANDERLIKE	TOELATING	R**2	F STATISTIEK
SD	1	0.5771	561.612
SEL	2	0.4601	350.190
V	3	0.2429	131.728
AS	4	0.0914	41.245
H2O	5	0.0411	17.568
HW	6	0.0049	2.001

TABEL 4.5 STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN RU-STEENKOOL:
DAVEL-OMGEWING

LAAG	FREKWENSIE	% FREKWENSIE
2	23	11.3
4	163	80.2
5	17	08.3

VERANDERLIKE	VERKLARING VAN KODE
SEL	Vloerelevasie van steenkoollaag
SD	Laagdikte
OP	Opbrengs by RD 1,6
HW	Hittewaarde
AS	Asinhoud
V	Vlugstofinhoud
H2O	Voginhoud

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 1

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SEL	0.5026	101.051	0.0001
SD	0.2002	25.028	0.0001
HW	0.0185	1.885	0.1545
AS	0.1138	12.847	0.0001
V	0.1511	17.796	0.0001
H2O	0.0590	6.271	0.0023

VERANDERLIKE SEL SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 2

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SD	0.0992	10.956	0.0001
HW	0.0258	2.631	0.0745
AS	0.1361	15.674	0.0001
V	0.2491	33.007	0.0001
H2O	0.0459	4.788	0.0093

VERANDERLIKE V SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 3

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SD	0.1183	13.284	0.0001
HW	0.0003	0.027	0.9738
AS	0.0305	3.112	0.0467
H2O	0.0546	5.716	0.0039

VERANDERLIKE SD SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 4

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0004	0.035	0.9659
AS	0.0215	2.168	0.1171
H2O	0.0553	5.767	0.0037

VERANDERLIKE H2O SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 5

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0024	0.237	0.7889
AS	0.0207	2.067	0.1294

VERANDERLIKE AS SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 6

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
HW	0.0256	2.561	0.0798

VERANDERLIKE HW SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: OPSOMMING

VERANDERLIKE	TOELATING	R**2	F STATISTIEK
SEL	1	0.5026	101.051
V	2	0.2491	33.007
SD	3	0.1183	13.284
H2O	4	0.0553	5.767
AS	5	0.0207	2.067
HW	6	0.0256	2.561

TABEL 4.6 STAPSGEWYSE DISKRIMINANTANALISE VAN DRYFFRAKSIE
 BY RD 1,6 VIR VANDYKSDRIF-OMGEWING

LAAG	FREKWENSIE	% FREKWENSIE
2	96	31.7
4	166	54.9
5	40	13.2

VERANDERLIKE	VERKLARING VAN KODE
SEL	Vloerelevasie van steenkoollaag
SD	Laagdikte
OP	Opbrengs by RD 1,6
HW	Hittewaarde
AS	Asinhoud
V	Vlugstofinhoud
H2O	Voginhoud

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 1

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNNLIKHEID > F
SEL	0.6512	279.166	0.0001
SD	0.3531	81.611	0.0001
OP	0.2234	43.015	0.0001
HW	0.3615	84.633	0.0001
AS	0.2935	62.119	0.0001
V	0.3245	71.822	0.0001
H2O	0.0720	11.597	0.0001

VERANDERLIKE SEL SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 2

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNNLIKHEID > F
SD	0.1455	25.373	0.0001
OP	0.2136	40.472	0.0001
HW	0.2994	63.685	0.0001
AS	0.2937	61.944	0.0001
V	0.2904	60.983	0.0001
H2O	0.0216	3.291	0.0386

VERANDERLIKE HW SAL TOEGELAAT WORD

STAPSGEWYSE SELEKSIE: STAP 3

VERANDERLIKE	R**2	F	WAARSKYNLIKHEID > F
SD	0.1000	16.502	0.0001
OP	0.0771	12.406	0.0001
AS	0.0764	12.281	0.0001
V	0.1726	30.976	0.0001
H20	0.0749	12.015	0.0001

